


# MATIELAND



1 • 1 9 9 3



UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH  
UNIVERSITY OF STELLENBOSCH

# Betaalgerief - op 'n warm, menslike manier.



Wanneer dit by betaal kom, word  
jy van twee dinge beroof. Geld. En tyd.

Wel, as jy dit nie kan vermy  
nie, moet jy dit vergemaklik ... met die  
betaalgerief van 'n Boland Bank-  
tjekrekening.

Dis meer as net 'n tjekrekening.  
Dis 'n volledige pakket, vir  
persoonlike óf sakedoeleindes. 'n Eie  
verpersoonlikeerde tjekboek, met direkte  
aankoopkaartkoppeling, oortrek-  
kingsfasiliteite en elektroniese  
transaksies landwyd. Een rekening-  
nommer lewenslank, al skuif u

na 'n ander tak. Selfs fasiliteite vir  
gewaarborgde tjeks.

Behalwe dié en ander voordele  
bied dit u natuurlik een groot gerief:  
Soveel meer tyd vir die dinge wat vir  
u belangrik is.

Wees verseker, met 'n Boland  
Bank-tjekrekening word u betaalsake  
'n plesier ... op 'n warm, menslike  
manier. Want Boland Bank sien dit so:  
Ons wêreld mag pure geld wees, maar  
ons bly pure mens – 'n gees eie aan al  
ons takke, landwyd.

## TJEKREKENINGE



Wie gaan u bedank?

# M A T I E L A N D

J a a r g a n g 3 7      1 : 1 9 9 3

## I N H O U D

Redaksioneel	3
Fokus op	3
Navorser kry Britse beurs van R1 miljoen	4
Lesingsaal na De Vries vernoem	4
Nederlandse rektor by US	5
Die 'Einstein van Biologie' besoek US	5
Kantoor vir Internasionale Betrekkinge ingestel	6
10,86 miljoen ingesamel, ondanks resessie	7
So lyk die US-Raad	7
1ste uitruildosent van Leiden af hier	8
3 toekenning vir navorsing in Duitsland	8
Twee US-programme bekroon	8
Australier in nuwe leerstoel	9
US erf bykans R2 miljoen in 1992	9
Stellenbosse vakmanskap verstrom	10
Klub bied baie vir rugbyliefhebbers	10
18 'cadets' follow bridging course	11
Studente hul deakaan se instrukteurs!	11
M-projek help biblioteek	12
Christo Coetzee skenk 131 kunswerke	13
Die Universiteit vier sy driekwarteeu	14
'Sonder die US sou SA eindeloos armer wees'	14
Spesiale gradeplegtigheid, feeskonsert, uitstalling	16
'Warme liefde voor Onze Universiteit'	18
12 eregrade	20
Voorgestelde Universiteitslied	21
Van ons donateurs	22
In memoriam	24
A Matie from Moscow	25
Doktorsgrade	26
Jaarvergadering van die Konvokasie	28
Sonja van der Walt is US Koor se nuwe dirigent	30
Reünies	31



131 werke - bl. 13



US word 75 - bl. 14



12 eregrade - bl. 20

**Voorblad:** Een van die grootste wetenskaplike van die 20ste eeu lê besoek af op Stellenbosch: Nobelpryswnener prof James D. Watson van New York is hier in een van die Departement Mikrobiologie se vyf uitstaande, nuwe rekombinante DNA-navorsingslaboratoriums wat hy onlangs geopen het. Lees bl. 5 en 20. Foto: Antenie Carstens.

**Matieland** word drie keer per jaar uitgegee, en word gratis aan oudstudente en donateurs van die US gestuur.

**Redaksiekantoor:** Afdeling Openbare Betrekkinge, Universiteit van Stellenbosch, Privaatsak X5018, Stellenbosch, 7599; tel. (02231)774633/774851. faks (02231)774499. Adreslys: (02231)774634.

**Redakteur:** Hans Oosthuizen **Uitleg:** Strydom van der Merwe, Buvo, US. **Drukkers:** Nasionale Handelsdrukkery, Parow.



## Blombosch Gastehuis

Pleinstraat 59 -61  
Posbus 94 Stellenbosch 7599  
Tel: (02231) 833674 (Kantoorure)  
(02231) 74490/4945 (Na-ure)

Sentraal geleë, oorkant die Stadsaal. Agt slaapkamers (vier met balkon), eie badkamer en stort, volvloertaplyte, lugreëling, tee- en koffiegeriewe in elke kamer.

Ontbyt word in koffiekroeg bedien (Lizbits) op grondvloer.

Oornag wanneer u kind koshuis toe gebring word. Geskik vir kongresgangers.

Eienaar: PIKKIE BLOMMAERT (Oud-Matje)

## REALTY • 1

PROPERTY GROUP

NATIONALLY INCORPORATING ELK.  
DURR, A-GROUP, PARSONS, PEARSONS

Tel. (02231) 7-1205/6

### Maak Stellenbosch u beleggingstuiste

Skakel ons vir professionele advies oor:

- verhurings
- woonstelle
  - huise
  - plase
- kleinhoewe

Senpergeboue, Pleinstraat

### ONS MAAK WERK DAARVAN

# PPS - Want mens weet nooit wanneer 'n ramp jou tref nie

#### PPS — Professionele Dekking Vir Beroepslei

Die beste siekte- en ongesiktheidsvoordele, 'n belastingvrye enkelbedrag by aftrede, groeptermynlewensdekking, uittree-annuïteitplanne en Profmed — die mediese fonds uitsluitlik vir u geskep.

Alleenlik aan Gegradeerde Beroepslei beskikbaar.

Spring reg weg ... skakel PPS vandag.



Die Professionele Voorsieningsvereniging van Suid-Afrika  
Posbus 1089  
HOUGHTON 2041  
Teinr: (011) 486-1088  
Faks: (011) 486-2946



# By die driekwarteeu-mytpaal

Die Universiteit se vroegste voorganger, die Stellenbosch Gymnasium, het 127 jaar gelede, in 1866, ontstaan. Hieruit het die Stellenbosch-Kollege, later genoem die Victoria-Kollege, ontwikkel. 'n Keerpunt in dié hoër opvoedkundige inrigting se bestaan was op 2 April 1918 toe dit die volwaardige, onafhanklike Universiteit van Stellenbosch geword het.

Die nuwe Universiteit se ontstaan het jare van groot onsekerheid voorafgegaan: die Anglo-Boereoorlog, Eerste Wêreldoorlog, Uniewording, die besinning rondom die rol van universiteite en die wesentlike bedreiging dat die Victoria-Kollege dalk gesluit sou word ter wille van een sentrale universiteit in Kaapstad.

Onder die jong Stellenbosse

inrigting se ondersteuners wat hulle vir sy behoud beywer het, was baie van sy oudstudente, mense soos DF Malan, JG van der Horst en ander. Vir hulle was hul Stellenbosse alma mater (soos in 1913 in 'n memorandum verwoord) "...niet een blote opvoedingsinrigting onder andere, maar een symbool en de waarborg van zijn eigen krachtig, groeiend, uitdrukking zoekend nationaal leven."

In die US se stittingsjaar, 1918, het dr DF Malan in *Gedenkboek van het Victoria-kollege* dié belangrike, profetiese woorde geskryf: "Aan het Victoria-Kollege en aan Stellenbosch in 't algemeen komt de onsterfelike eer toe, dat het zich er op toegelegd heeft om Afrikaners voor Afrika te vormen, en dat het als Universiteit van Stellenbosch dat in die toekomst

nog op veel groter schaal gaan doen."

Van 'n jong universiteit met slegs 558 ingeskreve studente in 1918 (net 24 van hulle was naagraads), vier fakulteite en slegs vyf universiteitsgeboue het die US gegroeи tot vandag se moderne universiteit met sowat 14 500 studente (4 000 naagraads), talle studierigtings in 12 fakulteite, moderne toerusting asook tientalle geboue en ander eindomme, selfs weg van Stellenbosch af.

Die US se grootste bates is egter nie geboue en toerusting nie, maar mense, die denke wat hulle skep en die bydrae wat hulle lewer: die Universiteit se leermeesters, navorsers, studente en oudstudente - die "Afrikaners voor Afrika" wat "op veel groter schaal" gelewer is.

Hulle het hul invloed op feitlik elke terrein van die samelewing laat geld.

By die driekwarteeu-mytpaal is die US, soos destyds, gekonfronteer deur nasionale woelinge en onsekerhede op politieke, ekonomiese en onderwysgebied. En soos 'n driekwarteeu gelede is die Universiteit steeds geroep om "op veel groter schaal" 'n diens te lewer aan al die mense van hierdie land - deur as inklusiewe Afrikaanse universiteit die jeug toe te rus met "die regte opvoeding" en "versterkte karakter" (soos wat die US-leuse dit wil hè) om 'n bydrae te kan lewer aan hul veranderende land, in die veranderende wêreldtoneel daarbuite en in die nuwe millenium wat oor minder as sewe jaar aanbreek.

## Fokus op ...



**PROF CHRISTO VILJOEN**, Dekaan van Ingenieurswese, wat vanaf 1 Julie die pos van Viserekotor: Bedryf beklee. Hy is die opvolger van prof Andreas van Wyk, die aangewese Rektor en Visekanselier in die plek van prof Mike de Vries wat op 30 Junie aftree.

Prof Viljoen (55) is 'n bekende openbare figuur. Hy was vir die afgelope vier jaar voorsitter van die SAUK-raad, en is onder meer 'n lid van die raad van Eskom en 'n raadslid van die SA Buro vir Standaarde. In 1990-'91 was hy voorsitter van die Taakgroep op Uitsaaiwese in Suid-Suider-Afrika.

Prof Viljoen het al sy grade in die ingenieurswese - insluitende 'n Ph.D.(Ing) - aan die US verwerf. Voordat hy in 1966 senior lektor op Stellenbosch geword het, was hy

verbonde aan Marconi Instruments in Engeland en het hy ook as ingenieur in die Departement Pos- en Telekommunikasiewese in Pretoria gewerk. Hy is sedert 1979 Dekaan van Ingenieurswese.

Die vestiging van Tegnopark op Stellenbosch in 1986 word grootliks aan prof Viljoen se ywer en ondernemingsgees toegeskryf. Hy is steeds 'n lid van dié instansie se Advieskomitee.

Prof Viljoen is lid van die internasionale Institute for Electrical and Electronic Engineers, 'n eregenoot van die SA Instituut vir Bedryfs-

ingenieurswese (SAIBI), 'n voormalige erevisepresident van die SA Instituut vir Elektriese Ingenieurs (SAIEI) en 'n genoot van die Akademie vir Ingenieurs. Hy

dien ook in die raad van ECSA, die SA Raad vir Ingenieurswese.

Hy het in 1975 die Sir Ernest Oppenheimer Memorial Trust Fellowship verower en in dieselfde jaar en 1976 was hy 'n besoekende professor aan die Georgia Institute of Technology in die VSA. Vyf jaar later was hy 'n besoekende professor aan die Nasionale Chiao Tung Universiteit in Hsinchu in Taiwan.

Verskeie publikasies het reeds uit prof Viljoen se pen verskyn - waaronder nege boeke (twee oor die genealogie), 15 wetenskaplike artikels en verskeie populêr-wetenskaplike artikels. Hy het 30 referate op nasionale en internasionale konferensies voorgedra.

Prof Viljoen, wat op Graaff-Reinet gebore is, en sy vrou Hana (sy was 'n Australiese nooi wat in Tsjeggo-Slowakye gebore is) het twee dogters en 'n seun: Marenka is vanjaar 'n Honneurs B.Sc.-student in Huishoudkunde aan die US, Annakie studeer as Matie in die elektroniese bedryfsingenieurswese en Francois is 'n standerd ses-leerling.

(Lees ook die berig op bl. 11).

# Navorser kry Britse beurs van R1 miljoen

'n US-navorser, prof AD Beyers van die Fakulteit Geneeskunde, is die eerste Suid-Afrikaner wat 'n gesogte Britse navorsingsbeurs van sowat R1 miljoen verwerf het.

Die Wellcome Trust ken die beurs oor 'n tydperk van vyf jaar toe. Dit gaan aan navorsers met 'n geneeskunde- of wetenskaplike graad en met erkende na-doktorale prestasies.

Prof Beyers het gedurende 1988-'91 'n Nuffield mediese genootskap van die Universiteit van Oxford beklei. Gedurende 1991-'92 het die SA Mediese Navorsingsraad (MNR) ook 'n na-doktorale beurs aan hom toegeken.

Hy is verbondé aan die US-MNR Sentrum vir Molekulére en Sellulére Biologie in die Departement Geneeskundige Fisiologie en Biochemie van die US se Fakulteit van Geneeskunde.

Die Wellcome Trust-toekenning gee 'n groot hupstoot aan prof

Beyers se navorsingsprogram oor die T-selle van die immuno-insisteem, wat uiters belangrik is om die liggaaam teen infeksie te beskerm. Hy spits hom veral toe op bekende en nuwe molekules wat seine versend en wat verskeie reaksies in dié selle reguleer. Meer kennis hieroor kan tot die ontdekking van geneesmiddels en alternatiewe vorms van terapie bydra.

Suid-Afrika het verlede jaar by die Wellcome Trust Senior Navorsingsgenootskapskema aangesluit. Die MNR en die Kollege van Geneeskunde van SA bestuur dit saam as 'n uitbreiding van die hoogs geslaagde Australiese skema wat 19

navorsers in dié land en sedert 1992 ook twee Nieu-See-landse navorsers befonds het.

Die keuringsproses is baie streng. Die kandidate word eers deur 'n Suid-Afrikaanse subkomitee gesif om

'n kortlys op te stel wat deur 'n internasionale paneel van beoordelaars in Londen verder gekeur word. Daar kan tot ses toekennings per jaar wees, maar nie een as daar nie aan die Trust se streng vereistes voldoen word nie.

Nadat prof Beyers die M.B.Ch.B.-graad met lof aan die US behaal het, het hy in die Interne Geneeskunde gespesialiseer en vir twee jaar daarna voltyds in die Departement Geneeskundige

Fisiologie en Biochemie gedoseer. Hierna het hy vir vyf jaar aan die Universiteit van Oxford navorsing in immunologie gedoen en 'n doktorsgraad verwerf.

Sy ouers is albei afgetrede professore en departementshoofde van die Fakulteit Geneeskunde. Hulle is prof André Beyers, wat hoof van die Departement Radiologie was, en prof Lowina Keet, afgetrede hoof van Pediatrie en Kindergesondheid.

Prof Beyers werk saam met sy vrou, dr Louise Spruyt, 'n dosent in die Departement Geneeskundige Fisiologie en Biochemie. Sy het nagraadse kwalifikasies in Farmasie ((PUCH)) asook Farmakologie (US), benewens 'n M.B.Ch.B.-graad (UP). Verlede jaar het sy 'n doktorsgraad in immunologie aan Oxford verwerf, waar sy en prof Beyers lede van die selfde navorsingspan was.



Prof AD Beyers

## Lesingsaal na De Vries vernoem

Twee en veertig jaar nadat prof Mike de Vries as Matie-eerstejaar in die De Beers-gebou begin klasloop het en 32 jaar nadat hy in 1961 as jong chemiedosent daar begin klasgee het, het hy in Februarie vanjaar 'n naamplaat daar onthul - met die woorde "MJ DE VRIES SAAL" daarop.

Die lesingsaal is soos die res van die De Beersgebou gerestoureer en opgegradeer. Die De Beers-maatskappy het £25 000 geskenk om die gebou se oprigting in 1922 moontlik te maak en het onlangs weer ruim tot die restourasiekoste bygedra.

Mnr Michael O'Dowd het as Voorsitter van die Anglo American and De Beers Chairman's Fund die belang van De Beers op die vernoemingsplegtigheid verteenwoordig.



Mnr Michael O'Dowd (links) wat De Beers op die vernoemingsplegtigheid verteenwoordig het, wens prof Mike de Vries geluk met die saal in die De Beers-gebou vir chemie wat na hom vernoem is.

Die Kanselier, dr Jan van der Horst, het by dié geleentheid gesê die vernoeming na prof De Vries is

"n blyk van die hoë waardering deur sy kollegas en vakgenote vir die rol wat hy gespeel het om onder-

rig en navorsing in Fisiese Chemie aan die Universiteit van Stellenbosch op 'n moderne grondslag te plaas."

Dr Van der Horst het gesê prof De Vries "is met vele talente geseen: 'n vlugge verstand, 'n uitstekende kommunikasievermoë, 'n aangename persoonlikheid en 'n besondere werkvermoë. Hierdie talente het hy onbaatsugtig met diens aan die Departement van Chemie, die Universiteit van Stellenbosch en die breë gemeenskap gewy. Hiervoor word hy met dankbaarheid deur sy oudstudente en kollegas geëer."

Die De Beers-gebou (wat nou vir organiese en fisiese chemie gebruik word) is die eerste akademiese gebou wat na universiteitswording in 1918 opgerig is. Daar naby is nou nog twee chemiegeboue.

# Nederlandse rektor by US



Dr Cornelis Oomen (naaslinks), die President (rektor) van die Rijksuniversiteit in Leiden, Nederland, en drs Wouter Teller (regs), direkteur van die kantoor vir internasionale samewerking aan dié universiteit, het die US besoek om akademiese kontak en 'n uitruiloooreenkoms tussen die twee universiteite te bewerkstellig. Hulle is hier tydens die besoek saam met prof Andreas van Wyk, aangewes Rektor en Visekanselier, US, asook mev Oomen, Van Wyk en Teller.

## Die 'Einstein van Biologie' besoek US

Die "Einstein van Biologie" het onlangs 'n weeklange besoek aan die US gebring. Nobelpryswenner prof James D. Watson van die Cold Spring Harbor Laboratory in New York word as een van die 20ste eeu se grootste wetenskaplikes gerekend. Sy Stellenbosse besoek was op uitnodiging van die Departement Mikrobiologie, wie se vyf uitstaande nuwe rekombinante DNA-navorsingslaboratoriums hy geopen het.

Wetenskaplikes en top-sakelui van dwarsoor die land was by dié geleentheid teenwoordig waar hy 'n lesing oor "My life as a scientist" gelewer het. Hy het ook vir Stellenbosch Forum 'n openbare voorlesing oor "The Human Genome Project" gehou.

Prof James Watson het op die US se spesiale gradeplegtigheid 'n eredoktorsgraad ontvang. Hy het reeds 15 ander eredoktorsgrade, onder andere een van Harvard-universiteit waar hy tot 1967 professor was.

Die Matie-eregraad is vier dae voor sy 65ste verjaardag aan hom verleen, op die spesiale plegtigheid



Prof Watson (naaslinks) by die plaket wat aandui dat hy die nuwe rekombinante DNA -navorsingslaboratoriums geopen het. By hom is proff Andreas van Wyk (naasregs), aangewese Rektor en Visekanselier, asook Hennie van Vuuren en Isak Pretorius, albei van die Departement Mikrobiologie.

op 2 April ter viering van 75 jaar sedert die Victoriakollege in 1918 die US geword het. Weens sy besige program is die beroemde Amerikaner se graad in absentia toegeken.

Watson was in 1961 die mededonthanger van die Nobelprys vir Geneeskunde nadat hy saam met Francis Crick van Brittanje die raaisel van die lewe self opgelos het: die ontdekking dat DNA - die genetiese materiaal wat in feitlik elke lewende sel aanwesig is - in die lang, gedraaide stringe van 'n

dubbel-heilks gerangskik is.

Hul opspraakwakkende bevindings is vier dekades gelede, in Februarie 1953, bekend gemaak. Watson was toe net 24 jaar oud.

Hy was 40 toe hy in 1968 die (destyds onbeduidende) navorsingslaboratorium Cold Spring Harbor in New York oorgeneem het. Die laboratorium - met Watson steeds as hoof - is nou wêreldberoemd. Sowat 125 Ph.D.'s werk heeljaar daar, en nog 6 000 wetenskaplikes bring elke jaar kursus- e.a. besoeke aan Cold Spring Harbor

Laboratory.

Prof Watson werf nie net uitsoek-wetenskaplikes nie, maar hy werf self ook navorsingsfondse - tot 50 miljoen dollar per jaar.

In 1988 het hy weer wetenskaplike wêreldnuus gemaak met die Menslike Genoomprojek waaraan duisende wetenskaplikes (ook op Stellenbosch) saamwerk. Dit kan vir die Biologie en die Geneeskunde ontsaglik baie beteken.

Daar word gehoop om feitlik alle mens-gene binne die volgende 15 jaar te identifiseer. Dié ontsaglike taak word bemoeilik omdat die menslike genoom so groot is - na raming sowat  $3 \times 10^9$  basis-pare.

Watson het as wonderkind slegs twee jaar op hoër skool deurgebring voordat hy met 'n beurs universiteit toe is. Op 19 het hy B.Sc. en op 22 Ph.D. behaal.

Hy is nie net brillant en beroemd nie, maar ook kontroversieel! Een van sy polemiese uitgesprake enkele jare gelede was dat wetenskaplikes teen die tyd dat hulle 30 jaar oud is, "uitgewoed" is. (Lees ook bl. 20)

# Kantoor vir Internasionale Betrekkinge ingestel

**'n Kantoor vir Internasionale Betrekkinge kom vanaf 1 Julie vanjaar by die Universiteit tot stand. PROF WALTER CLAASSEN, Direkteur, Navorsing, wat met die bedryf van die nuwe Kantoor belas is, vertel meer hieroor.**

Daar is oor die afgelope jaar ondersoek ingestel na die beste organisatoriese struktuur vir die institusionele bevordering en administratiewe hantering van die Universiteit se internasionale betrekkinge, asook na die algemene beleidsriglyne wat by die aanknoop en onderhouding van die Universiteit se internasionale betrekkinge gevvolg behoort te word.

Die Raad het besluit dat die verantwoordelikhede en funksies met betrekking tot die Universiteit se internasionale betrekkinge onder die Viserekotor (Akademies) sal ressorteer, met rapportering aan die Rektor. Die Viserekotor (Akademies) sal met die oog op besluitneming in verband met beleidaangeleenthede bygestaan sal word deur 'n adviesgroep van kundige personeellede.

Die Direkteur: Navorsing sal die uitvoerende amptenaar wees wat belas is met die operasionele bestuur, die koördinering en sistematiese uitbouing en die deurlopende administrasie van die Universiteit se internasionale betrekkinge.

Internasionale skakeling vind uiteraard plaas op 'n verskeidenheid vlakke. Trouens, dit is deel van die aard van die wetenskap dat daar intensieve skakeling en interaksie met vakkollegas oor die hele wêreld plaasvind. Insgelyks vind daar ook skakeling en samewerking plaas op departementeel of fakultetsvlak. Die totstandbrenging van 'n Kantoor vir Internasionale Betrekkinge wil nie enigets verander aan dié vrye en spontane vakkundige en kollegiale skakeling tussen individue en departemente nie. Inteendeel, dit wil dié skakeling, waar moontlik, help vergemaklik en verder laat ontwikkel.

Daar is egter ook 'n vlak van skakeling wat implikasies het vir ander instansies aan die Universiteit, of vir die Universiteit as instelling in die geheel. In die geval van uitruil- of samewerkingsooreenkomste gaan twee instansies, of twee universiteite, tipies 'n onderlinge reëling aan wat nagekom moet kan word afgesien

van persoonlike verbintenisse en vriendskappe. In sulke gevalle moet die reëlings vanuit 'n sentrale kantoor aan die Universiteit gekoördineer en geadministreer word.

Die bedoeling is ook dat die Kantoor vir Internasionale Betrekkinge 'n belangrike rol sal kan speel in die verskaffing van inligting wat die skakeling op die individuele vlak kan vergemaklik. Dit sal verder ook die aanklop-punt wees van studente wat inligting soek met die oog op verdere studie in die buitenland, of van voorname studeente van elders wat aan die Universiteit wil studeer.

Sekere van die funksies wat deur die Kantoor vir Internasionale Betrekkinge vervul sal word, word nou reeds gedoen deur die Afdeling Navorsingsadministrasie. Met die nuwe opdrag sal dié funksies tot 'n volwaardige inligtings- en dienspunt uitgebou kan word.

Die breë funksies van die Kantoor vir Internasionale Betrekkinge wat onder die leiding en bestuur van die Direkteur: Navorsing bedryf sal word, is die volgende:

(a) Die versameling en beskikbaarstelling van inligting wat ter sake is vir die onderhouding en uitbouing van die Universiteit se internasionale betrekkinge.

(b) Die verlening van advies en daadwerklike hulp aan individuele personeellede of voorname studeente van elders om besoeke te vergemaklik, asook advies en hulp aan studente van die Universiteit wat in die buitenland wil studeer, of van studente van elders wat aan die

Universiteit wil studeer.

(c) Die verlening van advies en daadwerklike hulp aan departemente of fakultete wat uitruil- of samewerkingsooreenkomste met hulle teenhangers by buitenlandse universiteite wil aangaan, en die koördinering van sodanige ooreenkomste.

(d) Inisiatiefnemende optrede, in oorleg met die Rektoraat, met betrekking tot die verkenning en ontginning van moontlikhede vir die uitbouing van die Universiteit se internasionale betrekkinge.

(e) Die koördinering en facilitering van internasionale skakeling wat gerig is op die ontginning van finansiële hulpsbronne ter onder-

steuning van die Universiteit van Stellenbosch se akademiese bedrywigheid.

Die veranderde situasie m.b.t. die internasionale aanvaarding van Suid-Afrika het meegebring dat daar baie groot belangstelling van instansies in die buitenland is om met die Universiteit te skakel en die normale gemaklike skakeling wat op die internasionale toneel ervaar word, ook met die Universiteit te bewerkstellig. Personeel van die Universiteit neem ook al hoe meer van hulle kant die inisiatief om ou verbintenisse weer op te neem en nuwes op te bou.

Hierby kan gevoeg word dat daar oor die afgelope paar jaar wêrelwyd 'n groter belangstelling in akademiese skakeling tussen instansies op tersiere gebied tot stand gekom het. Daar word toenameend gepraat van die "internasionalisering" van hoër onderwys en navorsing, wat neerkom op 'n ander

vlak van internasionale skakeling en interaksie as wat vroeër die geval was.

Die Universiteit van Stellenbosch wil die uitdagings van veranderde tye ernstig opneem en dit tot maksimale akademiese voordeel vir die Universiteit laat ontwikkel.

Deur ook 'n stel duidelike beleidsriglyne vir die ontwikkeling van die internasionale betrekkinge van die Universiteit op te stel, wil die Universiteit verseker dat hierdie aksie op 'n geordende wyse ontwikkel en dat die nuwe moontlikhede ontgin word op so 'n wyse dat die take van onderrig, navorsing en gemeenskapsdiens ten beste ver rig word.

In die geval van die aanknoop van formele ooreenkomste met ander universiteite of akademiese instansies sal daar veral goed daarop gelet word dat dit lewensvatbaar is, dat dit kan lei tot 'n tweerigtingverkeer met wedersydse voordele vir al die vennote in die ooreenkoms en dat die geleentheid geskep kan word vir personeel en studente om akademies te ontwikkel en om die Universiteit se strewe na akademiese uitnemendheid te help verwesenlik.

Spesiale programme sal ook geïnitieer word en spesiale maatreëls getref word om wisselwerking met universiteite in Afrika te bevorder.

Die Universiteit sal besondere pogings aanwend om die nodige fondse te bekom en beskikbaar te stel om sy internasionale betrekkinge te finansier in die vorm van beurse en toekennings vir gesamentlike navorsingsprojekte, bywoning van konferensies, studiebesoeke en uitruilprogramme.

Die funksies van die Kantoor vir Internasionale Betrekkinge word nou reeds deur die Afdeling Navorsingsadministrasie gehanteer. Uit gesprekke met US-dosente blyk dat daar groot waardering daarvoor is dat die Universiteit besluit het om dié funksies op 'n goed gevestigde basis te ontwikkel.



Prof Walter Claassen

# 10,86 miljoen ingesamel, ondanks resessie

Ondanks die heersende ekonomiese resessie het die Universiteit in 1992 meer as R10,86 miljoen uit skenkings en erflatings verkry. Dit is 16,7% meer as die vorige jaar.

Stellenbosch 2000, die belangrikste fonds waarvoor die US geld insamel, het aan die einde van 1992 op meer as R61,1 miljoen gestaan. Die fonds se mikpunt is R100 miljoen teen die jaar 2000 (vandaar die fonds se naam).

Toe Stellenbosch 2000 in Augustus 1980 ingestel is, was die

mikpunt R20 miljoen. Dié projek het egter die donateurs se verbeelding so aangegryp dat die mikpunt eers na R30 miljoen en in 1988 na R100 miljoen verhoog is.

Sowat 74% van die geld wat verlede jaar ingesamel is, kom van maatskappye, 18% van erflatings en die res (8%) van individuele skenkers. Maatskappye het R8 miljoen bygedra, R1,9 miljoen is uit erflatings verkry en individue het R891 000 geskenk.

Naas die US Stigting wat vir fondswerwing by maatskappye en

vir die verkryging van erflatings aan die Universiteit verantwoordelik is, werf die Afdeling Openbare Betrekkinge skenkings by Oud-Maties, die ouers van huidige studente en ander vriende van die US.

Mnr Sunley Uys, Direkteur van die US Stigting, en Johan Fechter, Direkteur van Openbare Betrekkinge, het hul dank en waardering uitgespreek teenoor almal van wie die Universiteit in 1992 bydraes ontvang het.

Daarsonder sou die US nie sy belangrike taak van opleiding, navor-

sing en dienslewering na behore kon voortsit nie, sê mnr Fechter en Uys.

In sy verslag aan die Raad van Trustees sê mnr Uys die nuwe rekordbedrag van R10,86 miljoen wat verlede jaar ingesamel is "is 'n ongelooflike prestasie as die heersende swak ekonomiese toestande in ons land in ag geneem word."

(Lees ook die berig op bl. 9).

## So lyk die US-Raad



Met die Universiteitsraad se vergadering op 15 Maart was net twee van sy 20 lede nie by toe dié foto geneem is nie. Die Raadslede (saam met die Registrateur en die Directeur Finansies en Dienste, wat as uitvoerende amptenare by alle Raadsittings teenwoordig is) is hier van links VOOR: proff HW Rossouw (Viserekotor: Akademies) en MJ de Vries (Rektor en Visekanselier), dr DP de Villiers (voorsitter) en proff AH van Wyk (Viserekotor: Bedryf en aangewese Rektor en Visekanselier) en HC Viljoen (aangewese Viserekotor: Bedryf wat tans as 'n US-Senaatsverteenvoeriger in die Raad dien). MIDDEL: dr MT de Waal, mnr PG Steyn, prof AJ Brink, mnr RS de la Bat, prof T Pauw en dr DJ Hattingh. DERDE RY: mnr GS van Niekerk, dr CJ van Wyk, prof E Botha, mnr WR Scheffler en prof TH Links. VIERDE RY: prof S Kritzinger (Registrateur), mnr JAM van Schoor, prof BC Lategan en mnr AJ van Tonder (Directeur: Finansies en Dienste). Intlasfoto's: prof WP Esterhuysse (links) en mnr CH Wiese (regs).

# 1ste uitruildosent van Leiden af hier

Prof Henk Wilke van die Rijksuniversiteit in Leiden, Nederland, is die eerste dosent wat die US ingevalle 'n akademiese ooreenkoms tussen dié twee universiteite besoek.

Hy sal tot einde Junie aan die Departement Sielkunde verbonde wees. Prof Wilke is 'n dosent in sosiale wetenskappe aan die Rijksuniversiteit.

Die samewerkingsooreenkoms met die Rijksuniversiteit het verlede jaar ontstaan. Dit is die eerste formele ooreenkoms tussen die US en 'n Europese universiteit sedert daar die afgelope jare 'n toenameende ontspanning in Suid-Afrika se buitelandse betrekkinge ingetree het.



Prof Wilke (regs) by prof Johan le Roux, voorstuur van die Departement Sielkunde.

## 3 toekennings vir navorsing in Duitsland



Prof Pretorius

Prof Isak Pretorius van die Departement Mikrobiologie het die BP-landbounavorsingsbeurs vir 1993 gewen asook nog twee belangrike toekennings, die Oppenheimer-reisbeurs en 'n gesogte Duitse toekenning, die Von Humboldt-stipendium.

Dit stel hom in staat om sy navorsing oor die genetiese manipulasie van bakkersgrys aan die Max Planck-instituut vir Biofisiese Chemie in Göttingen, Duitsland, voort te sit.

Hy doen sedert Maart tot vroeg volgende jaar navorsing by die instituut se departement molekulêre genetika.

Die waarde van die BPSA Navorsingsbeurs in die Landbou, wat in 1963 bekendgestel is, is R50 000. Dit word jaarliks toegeken aan die kandidaat wie se navorsing volgens 'n onafhanklike keurkomitee die grootste bydrae tot die ontwikkeling van die landbou in Suider-Afrika sal lewer.

Prof Pretorius het gedurende sy voortreflike loopbaan verskeie meriete- en ander toekennings ontvang, insluitende die Stigting vir Navorsingsontwikkeling se 1991-Presidentstoekenning. Dit word as die hoogste eer vir jong navorsers beskou.

Prof Pretorius se gesin is saam met hom Göttingen toe. Sy vrou, dr Elize Pretorius, het in Maart vanjaar 'n doktorsgraad in die Landbouwetenskappe aan die US verwerf. Sy was tot onlangs 'n navorsing in plantpatologie by die Universiteit.

## Twee US-programme bekroon



Mev Van der Spuy met die Ad Educandum-trofee wat haar program verower het.

Rekenaargesteunde onderwysprogramme van die Universiteit is in twee landwye kompetisies hoog aangeslaan.

Mev Anita van der Spuy van die Buro vir Universiteits- en Voortgesette Onderwys (Buvo) was die wenner in die kategorie vir simulasiaprogramme in 'n kompetisie wat die Departement Onderwys en Kultuur, Administrasie Volksraad, verlede jaar aangebied het.

Prof Wilke is by drie navorsingsprojekte betrokke.

Die eerste handel oor selfgelingsopleiding waar oortuiging ter sprake kom en wat dus in bemerkking nuttig kan wees.

'n Tweede projek is intergroepverhoudings in sosiale sielkunde waar prof Wilke en die US met die Universiteit van Kaapstad saamwerk. Veral Bedryfsielkunde is hier betrokke.

Die derde navorsingsprojek handel oor organisasie- en maatskappykultuur.

Prof Wilke het 'n aantal publikasies geskryf. Hy was ook aan verskeie Europese en Amerikaanse universiteite verbond.

Die ander twee kategorieë in dié kompetisie was aanbiedingsprogramme (tutorialie) en 'n oop kategorie.

Mev Van der Spuy se program het die Ad Educandum-trofee verower. Dié wenprogram is vir die Departement Arbeidsterapie ontwikkel. Mej Neeltjie Smit van die departement was die vakadviseur daarvoor.

In die kategorie vir aanbiedingsprogramme is een van die Departement Engels - oor die gebruik van die Apostrophe - as een van die vier beste inskrywings genomineer. Mev Johanna Kroes was die ontwerpprogrammeerder en mej Glenda Jackson die vakadviseur van die program. Albei is aan Buvo verbond.

In die vorige kompetisie vir rekenaargesteunde onderwysprogramme in 1988 het 'n program van die Departement Huishoudkunde die Ad Educandum-toekenning in die kategorie vir aanbiedingsprogramme verwerf.

# Australiërs in nuwe leerstoel

'n Australiëer, prof Stephen Emery, beklee sedert Februarie die Sabita-leerstoel in asfaltplateiselingenieurswese wat in die Departement Siviele Ingenieurswese ingestel is. Die SA Bitumen and Tar Association (Sabita) borg die leerstoel.

Prof Emery is sedert 1981 in Suid-Afrika. Hy het in 1985 aan Wits 'n doktorsgraad in die ingenieurswese verwerf. Vroëer het hy aan die Universiteit van Nieu-Suid-Wallis in die ingenieurswese gestudeer en 'n meestersgraad in sakebestuur aan die Universiteit van Wes-Australië behaal.

Die US se Ingenieursfakulteit is bedrywig op die terrein van plateiselingenieurswese, wat ook



Mnr Piet Myburgh (links voor) as Besturende Direkteur van Sabita en prof Mike de Vries, Rektor en Visekanselier, met die ondertekening van die ooreenkoms oor die Sabita-leerstoel in asfaltplateiselingenieurswese. Agter is proff Stephen Emery, bekleer van die leerstoel, en Fred Hugo, voorsitter van die Departement Siviele Ingenieurswese, en mnr Andries van Tonder, Direkteur: Finansies en Dienste.

goed in die Departement Siviele Ingenieurswese se kursusse verteenwoordig is.

Uitbreidings lê voor die deur en verskeie opsies vir nagraadse kursusse in Plateisels en Oppervlakte word - in samewerking met ander instansies - oorweeg. Dit sal ook goed strook met stappe wat die SA Instituut vir Siviele Ingenieurs in die belang van voortgesette opleiding van siviele ingenieurs gedoen het.

Die Sabita-leerstoel is o.m. daarop gerig om instansies wat by asfaltopleiding betrokke is, te ondersteun. 'n Verslag gaan opgestel word oor die toedrag van sake rakende die bestaande opleiding in asfaltplateiselingenieurswese.

## US erf bykans R2 miljoen in 1992

Erfatings was verlede jaar weer 'n belangrike inkomstebbron vir die Universiteit. Uit 27 erfatings is R1 981 136 in kontant, aandele en kunswerke ontvang. Dit sluit sewe Maggie Laubser-skilderye in, wat R100 000 werd.

Mnr Frederik Jacobus Olivier van Johannesburg het die kunswerke aan die Universiteit nagelaat. Hy en sy jarelange vriend mnr Thomas John Marchand het die werke deur die jare versamel en was ook bevriend met die kunstenaars.

Hulle was nie Oud-Maties nie, maar wou hê hulle versameling moes na hul dood deel van die US se groot Maggie Laubser-versameling word, waarvan die grootste deel in die sewentigerjare uit haar boedel ontvang is.

Uit die boedel van mev MM Hattingh (sy was 'n nooi De Villiers wat vanaf 1917 tot 1921 aan die US gestudeer het) is R656 319 ontvang. Haar man het haar jare gelede reeds ontval. Hulle was kinderloos.

Albei het lang onderwysloopbane gehad - mev Hattingh onder meer by die Hoërskool Monument op Krugersdorp en as hoof van die Laerskool Robertsham in Johannesburg.

'n Egpaar wat by Standerton geboren en in die herfs van hul lewe na Stellenbosch verhuis het, het kontant en aandele van R648 319 aan die US nagelaat. Mnr Felix Gut en sy vrou, wat nie Oud-Maties was nie, was kinderloos. Hy was baie lief vir ernstige musiek. Na sy dood in 1988 is mev Gut terug Standerton toe waar sy in 1990 oorlede is.



Mnr FJ Olivier. Hy en mnr TJ Marchand het hul sewe Maggie Laubser-skilderye na hul dood aan die US nagelaat. Dit vorm nou deel van die US se groot versameling werke van die kunstenaars wat deur die Sasol Kunsmuseum by die US bewaar word.

Mnr John Collins, 'n bekende argitek wat vir die ontwerp van meer as 30 US-geboue verantwoordelik was, het R100 000 nagelaat.

'n Baie interessante bemaking is dié van mev Marjorie Hocken. Sy het in 1948 haar vaderland, Engeland, verlaat en in Kaapstad met

kaptein Hocken, 'n bergingsdeskundige, getrou. Na sy dood 'n aantal jare gelede, het sy in hul huis in Tokai aangebly.

Haar prokureur sê sy het op 'n dag by sy kantoor ingestap en hom opdrag gegee om haar testament so

op te stel dat die US die restant-erfgenaam is. Die restant van haar boedel was meer as R1 miljoen. Dié geld word in trust gehou en die opbrengs word jaarliks aan die US oorbetaal om as beurse toegeken te word. Die egpaar was kinderloos en geen nabý verwante het hulle oorleef nie.

Prof FR Tomlinson, 'n US- en UP-ouddosent wat in die vyftigerjare voorsitter van die Tomlinson-kommissie was, het R5 000 aan die US nagelaat.

Die Staat se bydrae tot universiteitsopleiding raak al hoe kleiner. Elke bemaking stel die Universiteit in staat om tot voordeel van ons land en al sy mense 'n tersiêre instelling van internasionale gehalte te bly.

Vir nadere inligting, skakel Philip de Witt by ☎ 02231-774638 of skryf aan hom by die US Stigting, Universiteit van Stellenbosch, Privaatsak X5018, Stellenbosch, 7599.

# Stellenbosse vakkanskap verstom


Die Pretoriase Kunsmuseum spog nou met 'n kosbare houtskooltekening van Maggie Laubser wat op Stellenbosch deur die US se hoofrestourateur van vernietiging gered is.

Dit het mnr Heribert (Henri) Wirth twee jaar geneem om dié onmoontlike taak te voltooi - in sy vrye tyd en sonder vergoeding.

Die resultaat is verstommend. Dr Albert Werth, direkteur van die museum, sê hy het nie gedink die tekening sou so pragtig herstel kon word nie. Foto's van die restourasieproses is aan museumkunstdeskundige vertoon om te "wys waartoe 'n knap restourateur in staat is."

Die museum kon voorheen nie die kunswerk uitstal nie, omdat dit deur verkeerde restoureerwerk erg beskadig is. Henri Wirth se hulp is ingeroep, en met kenmerkend Duitse presiesheid het hy die Laubser-werk deel van sy lewe gemaak en proses na proses stelselmatig deurgewerk - eers om die verkeerde restourasieskade uit te wis en toe om die behoorlike restourasie te doen.

Met die vorige, foutiewe res-



Henri Wirth met die houtskooltekening van 'n Fingovrou deur Maggie Laubser wat hy vir die Pretoriase kunsmuseum gerestoureer het.

tourasie is 'n linnedoek agter en 'n sypapierlaag voor op die tekening geplak. 'n Hitteproses van tot 120°C het ook baie skade aangerig. "In ander lande verloor 'n mens jou werk as jy sulke dinge aanvang," sê Henri.

Hy het met chemiese prosesse

proefnemings gedoen. Na baie maande en baie geduld kon hy na die 18de probeerslag die regte proses uitvind om die mislukte restourasieproses ongedaan te maak.

Altesam 23 stappe is gebruik om die houtskooltekening te restoureer. Akriliese gom moes ver-

wyder word. 'n Spesiale toestel is gebou om die sypapier wat oorgeplak is, te verwijder. Vier skeure van drie tot 24 cm elk moes herstel word. Die tekening is meganies skoongemaak en gelekk. En so gaan die lysie aan ...

Leer jy ook die mens agter die kunstenaar ken as jy so met 'n kunswerk besig is? Ongetwyfeld, sê Henri. Die restourateur moet elke stap wat die kunstenaar geneem het, navors.

Anders as in Europa is restourasiewerk in Suid-Afrika veral moeilik omdat hier niemand is om by raad te vra nie. Met dié houtskooltekening was daar geen dokumentasie om na te lees nie. Omdat Maggie Laubser (1886-1973) se werke vroeër nie hoog aangeslaan is nie, is daar min oor haar opgeteken.

Henri Wirth het 29 jaar gelede uit (Wes-)Duitsland Suid-Afrika toe geëmigreer en by die US begin werk. Al het hy nog noue bande met sy geboorteland, is hy nou 'n Suid-Afrikaner - en getroud met 'n Afrikaanse Oud-Matjie, oud-musiekstudent Anette Olivier, 'n boorling van Graaff-Reinet.

## Klub bied baie vir rugbyliefhebbers

Die Coetzenburgklub, wat sedert 1979 bestaan, is die Stellenbosch Rugbyklub se ondersteunersklub.

Sy klublokaal is in die Danie Cravenstadion - vir sy lede en dié van die Rugbyklub. Daar is 'n volle dranklisensié en onthaalgeriewe. Dit is na wedstryde op Coetzenburg gewoonlik oop.

Alle Oud-Maties, die Rugbyklub se oudspelers, US-personeellede en ander getroue ondersteuners van die Rugbyklub kan aansluit. Aansoekvorms is by die Rugbykantoor beskikbaar. Dit kos R40 per jaar en R400 om 'n lewenslid te word.

As 'n mens nie 'n seisoenkaartjie het nie, kan jy vooraf teen

betaling vir wedstryde op die Cravenstadion bespreek (2 kaartjies per persoon).

Die Coetzenburgklub ken ook elke jaar studiebeurse aan behoefte senior spelers van die Rugbyklub toe, reël toere na toetse en ander groot wedstryde in die binneland en reël ook reünies van oudspelers.

Vrydaemiddae is die klub gedurende 12:00-14:00 oop vir sy lede. As 'n mens Vrydaemiddae daar wil eet, moet jy teen die vorige Woensdag by mev Linda Scherman (tel 774691) bespreek. Navrae oor die klub kan aan haar of aan mnr Pierre du Toit (tel 774680) gerig word.

## Rugbyklub stel register op

Die Rugbyklub stel 'n register op van al sy oudspelers, -afrigers en -bestuurders asook alle ondersteuners - om met hulle te kommunikeer oor klubaangeleenthede en wedstryde wat in hul omgewing gespeel word en om hulle in die algemeen van klubgebeure op die hoogte te hou. Ook almal wat as spelers, afrigers, ens. by koshuisspanne betrokke was, moet asseblief van hulle laat hoor.

Skryf aan: Die Sekretaris, Stellenbosch Rugbyvoetbalklub, Privaatsak X5018, Stellenbosch, 7600.

Meld asb. u titel, voorletters, naamnaam, van, posadres, die US-klub- of -koshuisspan(ne) waarvoor u gespeel het, en in watter jare en posisies dit was.

# 18 'cadets' follow bridging course

A new bridging course, introduced by the Faculty of Engineering, will enable 18 students to realise their engineering potential despite shortcomings in their school education.

They are all matriculants who, as a result of past inequalities in the school education system, could not gain access to the university's engineering baccalaureate course. Once this handicap has been erased they will probably have the potential to complete a degree course in engineering successfully.

With the increasing signs of an economic upswing, there is general consensus that South Africa's demand for qualified engineers will increase dramatically.

Stellenbosch and three other Afrikaans Universities (Pretoria, RAU and Potchefstroom) have consequently decided to present bridging courses for students whose ability to qualify as engineers was compromised by defects in the school education system.

The bridging programme at Stellenbosch was specifically



Craig Williams, Charlene Potjie and Deidré Jaap (front) are three of the 18 students following the bridging course in engineering at the University. Photo: Eikestadnuus

designed to overcome handicaps existing in Mathematics, Science and technical concepts and is aimed at increasing the number of qualified engineers from black, coloured and Asian communities.

In contrast to 1 421 whites qualifying as engineers in 1990, only 17 coloured, 21 Asian and 30 black students graduated in this field.

Stellenbosch's first 18 cadets - as the students in the bridging pro-

gramme are known - attend classes on a full time basis and receive tuition in school subjects such as Mathematics and Science at the higher grade level as well as technical drawings.

They also receive intensive tuition in communication and computer literacy.

After rewriting and passing the school subjects at the end of this year, they could be admitted to the engineering baccalaureate course after the usual selection procedure.

To gain admission to the bridging programme only matriculation exemption and pass marks in at least standard grade Mathematics and Science are required.

With the introduction of this bridging programme - sponsored by Eskom and Transnet - Stellenbosch and the three other Afrikaans universities want to make a constructive contribution towards the realisation of the full academic potential of promising young South Africans who have the ability to play a role in the important field of engineering.

## Studente hul dekaan se instrukteurs!

Die Dekaan van Ingenieurswese, prof Christo Viljoen, wat op 1 Julie Viserekotori Bedryf word, is iemand wat van nuwe uitdagings hou. Hy het hom dus maklik deur sy jongste dogter, Annakie, laat ompraat om 'n Matiesportklub, die Stellenbosch Onderwaterklub (SOK) se SOWA-diepduikkursus ("scuba") aan te pak - nadat sy dit self verlede jaar voltooi het. Sy is 'n derdejaarstudent in elektroniese bedryfsingenieurswese aan die US.

Toe hy vir die kursus opdaag, was sy verbassing én dié van sy instrukteurs ewe groot: Die instrukteurs wat die professor moes touwys maak, was albei voorgraadse ingenieurstudente, Evert de Lange (die instrukteur) en Willem van



Prof Viljoen in sy duikgewaad, soos gesien deur die Transvaliese kunstenaar Myndert Vosloo.

der Merwe (hulpinstrukteur).

Dit het natuurlik soveel druk op albei partye geplaas dat die kursus glo die vlotste was wat die SOK nog aangebied het!

Daarby het die weer saamgespeel sodat die swembad- en seeduiksessies sonder enige vertragings kon geskied. Prof Viljoen is die houer van die internasionale NAUI Oopwater 1 kwalifikasie.

Nog 'n ingenieursdosent, mnr Gerrit Conradie, het die kursus saam met prof Viljoen voltooi. 'n Ander bekende SOWA-duiker is prof Johan Enslin van die Departement Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese.

Die SOK bied naas diepduik- ook visskiet- en onderwaterhokkie-bedrywighede aan.

# M-projek help biblioteek



Mev Lezanne Human het die Prof John Todd Morrison-medalje as die beste M.Sc. *cum laude*-student in Fisika en in Toegepaste Wiskunde ontvang, met 'n tesis wat voortspruit uit 'n projek waarin sy onder die leiding van prof Gerhard Geldenhuys gehelp het om metodes daar te stel vir die toedeling van biblioteekfondse aan die verskillende US-departemente. Die US-biblioteek pas reeds sedert 1991 die metodes wat sy help ontwikkel het, toe.

Sy het einde 1993 M.Sc. in toegepaste wiskunde met lof verwerf en het ook die Gencor-medalje van die SA Genootskap vir die Bevordering van die Wetenskap verower - vir die beste M-tesis in Ingenieurswese, Landbouwetenskappe, Bosbou, Opvoedkunde en sekere departemente in die fakulteite Natuurwetenskappe, en Lettere en Wysbegeerte en Handel en Administrasie.

Mev Human is 'n derdegeslag-Matie. Haar ouers, mnr Marthinus

en mev Laetitia Hattingh van Cradock, en mnr Hattingh se ouers was almal Maties. Mev Human se man, Laurentius, 'n elektroniese ingenieur van Kaapstad, is ook 'n Oud-Matie en haar suster, Marelief, (wat in 1990 vierde op Kaapland se matriekindeksamen-merietelys was) is 'n Matie-finalejaar-B.Sc.-student.

## Geil oes aan eerstejaars

Die akademiese oes onder eerstejaarstudente wat vanjaar aan die US studeer, is besonder geil - minstens 380 het 'n gemiddelde A-simbool in matriek behaal. Daarby is 17 van die 22 topstuurders op

die Kaaplandse merietelys van verlede jaar ook hier ingeskryf.

Agt van hulle studeer in die Fakulteit Handel en Administrasie, drie in Ingenieurswese, twee in Natuurwetenskappe, een in Lettere

en Wysbegeerte en drie in die Fakulteit Geneeskunde.

Van die 380 eerstejaars is 262 van Kaapland, 67 van Transvaal, 16 van Natal en 15 van die Vrystaat. Vyftien het die eksamen van die

Raad van Verteenwoordigers afgelê, een die Raad van Afgevaardigdes s'n en drie dié van die Gemeenskaplike Matrikulasiëraad.

## Nuwe projek verseker inligtingsvllei

**Met moderne tegnologie en ander inisiatiewe, het die JS Gerickebiblioteek die afgelope jare daarin geslaag om - ondanks stygende kostes en 'n krimpende staatsubsidie - in pas te bly met die inligting-omwenteling.**

aantal tydskrifte in stand te hou. Sedert 1983 het die tydskrifbegroting sesvoudig gestyg vir die intekening op dieselfde aantal tydskrifte - op die oomblik ontvang die US maar 'n skamele 6 499 titels.

Nietemin probeer die Biblioteek om deur nuwe inligtingstegnologie soveel inligting as moontlik van oor die hele wêreld tot beskikking van die student, navorsers en dosente te stel.

Die Biblioteekdiens is grotendeels gerekenariseer en dosente kan in hulle kantore, deur middel van die kampus se rekenaarnetwerk, toegang tot 'n verskeidenheid inlig-

tingsdienste bekom. Dit sluit in 'n databasis, waar outeur, titel en onderwerpsoektoggte moontlik is; tydskrifte in besit van die Biblioteek; inligting op CD-Rom bibliografiese databasisse, soos Business Periodicals Index en Eric, en inhoudsopgawes van die jongste tydskrifte op Currents Contents.

In die Gerickebiblioteek self is daar werkstasies waar al hierdie dienste ook beskikbaar is, sowel as toegang tot oorsese databasisse soos Dialog, Sabinet en oorsese elektroniese posstelsels.

Vanweë die wêreldwyse inligtingsontploffing, is dit duidelik dat

biblioteke in die toekoms meer klem moet lê op toegang tot inligting, eerder as om self al die inligting te probeer aankoop.

As 'n mens in ag neem dat daar elke jaar 500 000 nuwe boeke in Europa en die VSA gepubliseer word, en daar ongeveer een miljoen tydskrifte in omloop is, is dit duidelik dat geen universiteit of biblioteek dit kan bekostig om al hierdie inligting aan te koop en in stand te hou nie. Derhalwe moet daar noue samewerking wees tussen instellings plaaslik sowel as oorse om toegang tot nuwe inligting te verseker. Die Ford Foundation-projek is een so 'n inisiatief.

'n Nuwe projek wat die vrye vloei van nuwe inligting verseker, is onlangs in samewerking met die twee ander Wes-Kaapse universiteite en twee technikons van stapel laat loop. Die Ford Foundation in die VSA het 'n aansienlike bedrag bewillig sodat daar in die eerste fase van dié projek 'n bussiediens ingestel kon word wat twee keer per dag die vyf kampusse besoek om o.m. dokumente af te lewer. Al die tydskrifttitels wat in die streek beskikbaar is, word ook deur middel van 'n rekenaar-databasis toeganklik gemaak.

Weens die stygende prys van tydskrifte en die dalende koopkrag van die rand, moet die Universiteit se biblioteekdiens harde bene kou om sy intekening op 'n beperkte

# Christo Coetzee skenk 131 kunswerke



Heel bo: Christo Coetzee (links) en prof Muller Ballot by een van die 131 Coetze-  
werke wat aan die US geskenk is.

Bo: Prof Mike de Vries, wat die uitstalling geopen het, en mev Renée de Vries gesels  
met die kunstenaar.

Die Universiteit het nou waarskynlik die grootste en beslis een van die belangrikste versamellings van werke deur 'n lewende Suid-Afrikaanse kunstenaar wat in openbare besit is - 131 werke deur Christo Coetzee wat dié kunstenaar aan die US geskenk het.

Dit verteenwoordig agt opeenvolgende fasies van Coetzee se oeuvre, met werke wat van 1948 tot vroeër vanjaar gedateer is. Heelwat van die werke is in Europa gemaak en is daar en in Amerika uitgestal.

Die grootste deel van die uitstalling is onlangs in die Sasol

Kunsmuseum op die kampus uitgestal. Prof Mike de Vries, Rektor en Visekanselier, wat dié uitstalling geopen het, het gesê die US is besonder dankbaar vir die geleentheid om dié uitstaande versameling te kan bewaar.

"Dit gee my groot vreugde om te weet dat ons die professionalisme en die infrastruktuur het om dié versameling vir die nageslag op die beste moontlike wyse te kan versorg."

Die Sasol Kunsmuseum is die ideale vertoonplek vir hierdie keur van kunswerke. Die kundigheid

waaroor die US beskik, versek dat dié en ander US-versamelings vir die toekoms behoue bly, het prof De Vries gesê.

"Christo Coetzee word volgende jaar 65. Met hierdie geleentheid wil ons nie net dankie sê vir sy vriendskap- en welwillendheid nie, maar betuig ons by voorbaat ons gelukwens en waardering aan hom," het prof Muller Ballot, Direkteur van die Universiteitsmuseum, gesê.

Coetzee is ook in die buiteland een van Suid-Afrika se bekendste kunstenaars. Hy het sedert 1951

altesaam 44 solo-uitstellings gehou en aan nog 66 groepotentoonstellings deelgeneem - baie daarvan in die buitenland waar hy 'n groot deel van sy kunstenaarsloopbaan deurgebring het.

Sy kunswerke is nie net in agt Suid-Afrikaanse universiteitsversamelings, sewe belangrike SA-kunmuseums en 'n aantal ander versamelings te sien nie, maar is ook opgeneem in buitenlandse versamelings in Europa, Noord-Amerika, Japan en die Republiek van Sjina (Taiwan)..

# DIE UNIVERSITEIT VIER SY DRIEKWARTEEU

**Op 2 April vanjaar het die Universiteit van Stellenbosch sy driekwarteeufees as volwaardige universiteit gevier.**

Hoewel die US se ontstaan teruggevoer kon word tot 1859, met die opening van die Teologiese Seminarium van die NG Kerk, word die Universiteit se voorgeschiedenis tradisioneel in verband gebring met die Stellenbosch Gymnasium wat in 1866 tot stand gekom het.

In 1873 is die destydse Raad

van Eksaminatore deur die Universiteit van die Kaap de Goede Hoop as eksaminerende liggaaam vervang, en in 1874 het die Arts Department, bestaande uit die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte en die Fakulteit Natuur- en Wiskunde, beslag gekry.

Die Arts Department het in 1881 'n oktrooi as kollege ontvang en die status en die konstitusie daarvan is, onder die naam Stellenbosch College, deur 'n partikuliere wet

van die Parlement vasgestel.

In 1887, die jaar van die 50-jarige jubileum van Koningin Victoria se troonbestyging, het die jubilaris toestemming verleen dat die kollege die Victoria-kollege van Stellenbosch genoem kon word.

Wetgewing wat reeds in 1916 deur die Parlement aangeneem is, het geleid tot die stigting van die Universiteit van Stellenbosch as 'n volwaardige universiteit op 2 April 1918.

Die driekwarteeufees van universiteitswording is gevier met 'n spesiale gradeplegtigheid op 2 April, waar tien eredoktorsgrade toegeken is. 'n Feeskonsert, waar die Universiteitskoor en die US Simfonie-orkes opgetree het, is ook vir 'n genoode gehoor aangebied en 'n uitstalling, "Universiteit van Stellenbosch 75" (wat tot 25 Julie in die Sasol Kunsmuseum in Ryneveldstraat aangebied word) is geopen.

## SONDER DIE U.S. SOU S.A. EINDELOOS ARMER WEES

**'n Verkorte weergawe van die Kanselier, dr Jan van der Horst, se rede by die spesiale gradeplegtigheid ter viering van die Universiteit se 75-jarige bestaan, 2 April 1993.**

Op 2 April 1918 het die ou Victoria-Kollege die Universiteit van Stellenbosch geword. Hierdie gebeurtenis was nie 'n toevalligheid nie, maar die resultaat van die ywer en idealisme van merkwaardige mense: prof A Moorrees, dr DF Malan, prof JS Marais, prof GG Cillié, mnr JG van der Horst, en nog vele ander wat ons nie mag vergeet nie.

Toe daar in 1910 planne onthul is om een onderwysende universiteit in Kaapstad vir die hele land te skep, was daar 'n onmiddellike reaksie van die oud-studente en ander ondersteuners van die Victoria-kollege ten gunste van die behoud van dié instelling "als centrum van 'n nasionale hoger onderwijs". Die "waaksamheidskommissie" wat toe gestig is, het vroeg in 1913 die bekende memorandum laat opstel, uit die penne van prof Moorrees, dr DF Malan en mnr JG van der Horst. Hierin verskyn die beroemde woorde: "Zij (Stellenbosch) staat voor een idee! Zij is daarom voor het volk geworden niet een blote opvoedingsinrigting onder andere, maar een simbool en die waarborg

van zijn eigen krachtig, groeiend, uitdrukking zoekend nasionale leven".

Tekmale in die verlede in tye van groot onsekerheid en selfs vertwijfeling, het hierdie oortuiging na vore gekom. Uiteraard omskryf ons vandag baie dinge anders as in 1913 - so bv. sal ons ons "nasionale lewe" vandag baie ruimer en omvatter definieer as toe - maar daar bly vir my steeds een deurlopende draad: dit is dat Stellenbosch nie net nog 'n opvoedkundige inrigting is nie, maar dat dit eng verbonde is met die nasionale aspirasies van hierdie land en sy mense.

Die geskiedenis het die Moorrees en Cilliés en Marais' reg bewys. Die geskiedenis het myns insiens bewys dat Suid-Afrika eindeloos armer sou gewees het sonder Stellenbosch en sy bydrae.

Hoe kan ek dit sê? Mens sou natuurlik eenvoudig kon verwys na die tienduisende gegradeerde wat

hierdie Universiteit oor die dekades opgelewer het, mense wat in hulle oorweldigende getalle in hierdie land gebly het en nog steeds bly om aan die land se toekoms te bou. Mens sou ook vele beroemde name op alle terreine uit hierdie lang lys van oudstudente kon uitkies en spesiaal vermeld.

Maar Stellenbosch se rol in Suid-Afrika gaan vir my om veel meer. Wat 'n mens veral tref as jy na die verlede teruggaan, is die dinamiek van verandering wat as't ware in die wese van Stellenbosch ingebou is. So betaam dit 'n universiteit en daarom is hierdie akademiese inrigting vandag die trotse produk van 'n deurlopende ewolusie in denke; 'n voortdurende proses van vernuwing en verandering.

Toe die fondamente van hoë onderwys byvoorbeeld in die 19de eeu op Stellenbosch gelê is, was dit nog sterk in die gees van die

klassieke tradisie. In 1918 egter, toe Stellenbosch 'n volwaardige universiteit geword het, het die nuwe eeu, die nuwe wêreld en die jong Suid-Afrikaanse samelewing dwingende nuwe intellektuele eise aan die Universiteit begin stel. Dink maar bloot aan die tegnologiese omwenteling wat juis in dié tyd begin impetus kry het op die terrein van bv. die vervoer, telekommunikasie, inligting en energie.

Hierop is op verskillende maniere gereageer. Op die onderrigvlak is deur die jare talle nuwe fakulteite, departemente en studierigtigs ingevoer, party van hulle uniek in Suid-Afrika.

Maar dit was veral op die intellektuele vlak dat die nuwe uitdagings aangepak is. Dr GG Cillié, die eerste rektor van die Universiteit van 1919 tot 1925 en vader van een van ons egregandi van vandag, het beswaar gemaak teen die "skreewers en napraters" van wie daar "vele zijn, maar waar zijn die denkers?" Hy het ook gesê: "Al die nadruk werd gelegd op tweede handse kennis, op het zogenaamde weten. Het verstand bleef

leeg en verstompte en van wetenskaplike methode geen spoor."

Sulke tekens van verandering en vernuwing het van die begin af die Universiteit gekenmerk. In 1919, met die opening van die nuwe Universiteit se eerste volle akademiese jaar, stel prof RW Wilcocks - nog 'n latere Rektor - dit onomwonne dat Stellenbosch nie net 'n doserende universiteit wil wees nie, maar "wel 'n navorsende universiteit": 'n universiteit wat sy oog op die toekoms hou, wat gerig is op onopgeloste probleme.

Die diens wat Stellenbosch oor die afgelope 75 jaar aan die Suid-Afrikaanse gemeenskap gelewer het, was dus meer as bloot die produksie van goeie gegradsueerde, hoe belangrik dié aspek van sy bestaan ook al was en is. Dit was ook om 'n sentrum van voortreflikheid te wees waar die probleme en knelpunte van ons tyd verken kon word; 'n sentrum vir intellektuele en kulturele ontwikkeling en vernuwing.

Insgelyks het die Universiteit nooit teruggedeins van sy taak om ook die praktiese en ontwikkelingsprobleme van ons land daadwerklik aan te spreek nie. Deur middel van gevorderde onderrig en navorsing het die Universiteit gehelp om die mensepotensiële en kundigheid te ontwikkel wat so onontbeerlik is vir 'n ontwikkelende land soos Suid-Afrika. Reeds in 1927 is dit deur Langenhoven by 'n universiteitsfunksie verwoord: "Die universiteit is 'n groeiende organisme wat sy middelpunt hier het maar sy roeping en invloed strek oor die hele land".

Ek is vandag trots om te kan sê dat Stellenbosch oor die laaste 75 jaar 'n ware universiteit kon bly huis omdat die akademiese ideal van 'n ware universiteit lewend gehou is, ook in die vaarwaters van verandering en vernuwing.

As ons nou die soeklig weg-

draai van die verlede en dit op die hede fokus, is daar miskien diegene wat hulself afvra of hierdie ideaal ook in die toekoms kan oorleef. Is dit moontlik om die Stellenbosch-tradisie van intellektuele voortreflikheid en intellektuele verdraagsaamheid en ewewigtigheid in stand te hou in 'n land wat worstel met probleme van bykans ongekende armoede, werkloosheid, geweld en intense verwarring?

Die vraag wat ons eintlik moet vra, is of Suid-Afrika dit kan bekostig om sonder die ideaal van die ware universiteit - die Stellenbosch-ideaal - die toekoms in te gaan.

Ek glo dat universiteite, ook Stellenbosch, 'n deurslaggewende

vaardighede, wat so belangrik in die nasionale en internasionale handelsverkeer is; en die bydraes wat die humaniora en die sosiale wetenskappe kan lewer om 'n sinnvolle bestaan in 'n menswaardige samelewing te help verseker.

Stellenbosch is nog steeds bedrywig op bykans alle terreine van ons samelewing met aktiwiteite wat die probleme van Suid-Afrika direk aanspreek. Enkele daarvan is: ontwikkelingsprogramme word beoog om agterstande a.g.v. gebrekkige skoolstelsels uit te wis; 'n nuwe oorbruggingskursus word vir voornemende ingenieurstudente aangebied en nie-formele programme word reeds 'n geruime tyd vir ondergekwalifiseerde onder-

gevorderde navorsing word in die Fakulteit Ingenieurswese gedoen om nuwe mynbou-ontginnings- en verfyningsmetodes te ontwikkel.

Kan Suid-Afrika, wat so 'n groot belang het by die kwaliteit van toekomsleiers, dit bekostig om sy mensemateriaal te verwaarloos ter wille van korttermyn-oplossings vir landsprobleme? Kan 'n nuwe Suid-Afrika klaarkom sonder die intellektuele voortreflikheid en kundigheid wat aan 'n universiteit gekweek word; sonder denkers en sonder doeners?

As gevolg van ons gesamentlike lotsbestemming, worstel hierdie Universiteit, net soos die land wat hy dien, met ernstige vroeë, maar ek glo en vertrou dat ons nooit ons

karakter as 'n ware universiteit sal verloën nie. Daarvoor is die mensemateriaal waarmee ons werk te kosbaar.

Deur die potensiaal van hierdie jongmense ten volle te ontwikkel, sal Stellenbosch 'n diens van onskatbare waarde aan 'n nuwe Suid-Afrika lewer. Deur hulle sal die Universiteit as inklusiewe Afrikaanstalige instelling in die toekoms sy kundigheid na die breër Suid-Afrikaanse gemeenskap uitdra, op so 'n wyse dat die hele land en al sy mense as inwoners van 'n wenland die voordeel daarvan sal geniet.

Ook - nee, huis - in hierdie onse-kere tye

wil Stellenbosch, getrou aan sy tradisie van die verlede, voortgaan om te bou, om bomte te plant as gewers van skaduwees vir ons kleinkinders en agter-kleinkinders. Soos ons uit-tredende Rektor en Visekanselier gedoen het met sy inhuldiging in 1979, wil ek aanhaal uit Genesis 2 vers 15: Ons wil hierdie tuin - hierdie Stellenbosch, hierdie Suid-Afrika - bewoon om dit te bewerk en op te pas. Daardeur bly ons getrou aan die ideaal gestel deur ons oprigers in 1918.

#### STUDENTERAAD, UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH, 1919 1920.



Agter: B.A. de Wet, M.A., P.J. Burger, Timo Kriel, J.L. Pretorius, P.O. Sauer, M.L. Brink, B.A., W.S. Malherbe. Middel: Mej. M. Schumann, C.J. van Dijk, B.A. (Sek.), Mej. D. Steytler, J.A. Smuts, M.A. (Voors.), Mej. M. de Wet, T.E. Dönges, B.A. (Vise-Voors.) Mej. D. Hesse, B.A. Voor: A. Hertzog (Thes.), M.S. Krige.

rol het om te speel in die toekoms van Suid-Afrika. Sonder intellektuele verkennings en skeppende denke, sal die talle kwelvrae nooit bevredigend opgelos word nie.


Hierdie land het geen toekoms in die moderne mededingende wêreld sonder die hele spektrum van kundigheid wat universiteite van gehalte bied nie. In hierdie verband dink mens aan bv. bestuurskundigheid op verskillende vlakke en in verskillende sektore van die samelewing; natuurwetenskaplike en tegnologiese kundigheid om ons natuurlike en menslike hulpronne maksimaal te ontgin; juridiese

wysers aangebied; verskillende vlakke van bestuurskundigheid, in die openbare en private sektore, word direk aangespreek; die US is nou betrokke in die stryd teen vigs; gevorderde navorsing word gedoen om kindersterftes en wanvoeding te bekamp, terwyl 'n pioniersrol gespeel word met infertiliteitsnavorsing; met landbounavorsing spits die US hom o.a. toe op beter kultivars wat groter voedselopbrengste sal lewer; navorsing word deurlopend ingespan in die soekenaar nuwe vorms van plaagbeheer wat nie gepaard gaan met die gevare van besoedeling nie; en

## Oorkonde



Die Stellenbosse Stadsraad het by geleentheid van die driekwarteeufes 'n oorkonde aan die Universiteit opgedra. Hier oorhandig die Burgemeester, mnr Koos van Schoor, dit aan die Kanselier, dr Jan van der Horst, by 'n onthaal wat die Munisipaliteit aangebied het.



Die verhoog in die HB Thom-teater met die spesiale gradeplegtigheid ter viering van Viserektore, Raadslede, dekane, ander senior personeel asook die agt mense wat met die

## Feeskonsert



Prof Mike de Vries, Rektor en Visekanselier, het as deel van die Universiteit se 75ste verjaardag 'n feeskonsert deur die Universiteitskoor en die US Simfonie-orkes vir genoemde gaste in die Endlersaal aangebied. Hy is hier (links) by 'n onthaal na die uitvoering saam met Acáma Fick, dirigent van die US Koor, en Eric Rycroft, dirigent van die Simfonie-orkes. Dit was ook die heel laaste keer dat mej Fick die koor gedirigeer het voordat sy die dirigentskap daarvan na meer as agt jaar neergelê het. Aan die einde van die koor se uitvoering het sy die dirigentskap formeel aan die nuwe Universiteitskoorleier, Sonja van der Walt, oorhandig.



Die Universiteitskoor het as deel van dié uitvoering onder meer 'n werk gesing wat Roelof Temmingh (foto bo) in opdrag van die koor vir die driekwarteeufes gekomponeer het. Die werk is vir koor, twee klaviere, orrel en slagwerk. Dit heet "Gaudeamus '93" en die Latynse teks daarvan is dieselfde as dié van die alombekende Middeleeuse studentelied. Prof Temmingh, 'n dosent aan die Konservatorium wat reeds verskeie toekennings as komponis verower het, het self sy feeswerk op die spesiale uitvoering gedirigeer. Die Stigting vir die Skeppende Kunste het die komposisie van die feeswerk geborg.

# egtheid



die driekwarteeu van universiteitswording. Die Kanselier, die Rektor en Visekanselier, voekennig van hul eredoktorsgrade teenwoordig was, was op die verhoog.

## Uitstalling



Mnr PK Morkel (regs), 'n Oud-Matie wat in die laat twintigerjare aan die US gestudeer het en as Springbok-rugbyspeler bekendheid verwerf het, saam met mev Rene Morkel en mnr Johan Fechter, Direkteur van Openbare Betrekkinge, by 'n uitstallkas met voorwerpe en foto's oor Matie-rugby as deel van die "US 75"-uitstalling.



Prof Bun Booyens, President van die Konvokasie en afgetrede hoof van die Departement Afrikaanse Kultuurgeschiedenis, het as deel van die driekwarteeufees 'n uitstalling, "Universiteit van Stellenbosch: 75 jaar", geopen. By hom (naasregs) met die opening is prof Mike de Vries, Rektor en Visekanselier, mev Titia Ballot, wat die uitstalling gehelp saamstel het, en prof Andreas van Wyk, aangewese Rektor en Visekanselier. Dié interessante uitstalling van foto's, voorwerpe, publikasies en dokumente duur nog tot 25 Julie. Dit is in die Eben Döngessentrum, Ryneveldstraat (langs Wilgenhof).



Prof SP Cilliers, afgetrede Dekaan van Lettere en Wysbegeerte, mev Betsie Cilliers en prof Jan Giliomee met die opening van die uitstalling by 'n pragtig geborduurde fakulteitsvlag, een van dié wat vroeëre jare in die prosesie van studente en dosente na gradelopegtighede gedra is.

# 'Warme liefde voor Onze Universiteit'

Deur prof Mike de Vries,  
Rektor en Visekanselier\*



Prof G.G. Cillié

Op 2 April 1918, bekend as "De Vastgestelde Dag", het die Victoria-kollege in "De Universiteit van Stellenbosch" oorgegaan. Die Parlement het die wetgewing hiervoor reeds op 5 Mei 1916 goedgekeur, maar daar is op 2 April 1918 as die dag van oor-gang ooreengekomm.

In vergelyking met vandag was Universiteitswording 'n klein begin - slegs 558 ingeskreve studente (waarvan terloops net 24 vir nagraadse M.A. en M.Sc.-kursusse ingeskryf was) maar die US se voor-gangers en spesifiek die Victoria-kollege, het 'n stiewige fondament gelê.

In dié 75 jaar was die veran-deringe dramaties. Van vyf geboue (drie op Kollege-plein) het ons gegroeи tot die uitgestrekte kam-pusse wat ons vandag ken en van die 558 studente aan die begin tot vandag se 14 500.

*"the real university is... a collection of students who possess the will to know-l-edge."*

Syfers kan interessant wees en 'n verhaal vertel, maar veel meer sal ons seker wil weet waarmee die Universiteit en sy mense hulle besig gehou het en wat hul ideale was. Wat was hul visie - of in vandag se taal gestel, hul missie - vir die Universiteit? Shand, professor in Aardkunde (nou Geologie) het in 1916 na die deurvoer van die Universiteitwet reeds sekere ideale/voortuiging gestel:

"The real university is neither a collection of books, nor a collection of buildings, nor a collection of lec-turers; it is a collection of students who possess the will to knowledge -

the will to possess and still more the will to ad-vance it. A university is constituted by its students, and by them alone. When I say students I mean not only the temporary students who join the University for a few years, but far more the permanent stu-dents who constitute its staff, for every professor worth his salt is a student to the end of his days."

Eise van studie, denke en ondersoek geniet hier duidelike voorrang in sy visie. Wyle prof G.G. Cillié (snr.), gee as eerste Rektor in sy feesrede van April 1918 'n ander perspektief: "Van de Universiteit van de Kaap de Goede Hoop ga ik hier geen geschiedenis skryfien. ... De oude universiteit werd gemodelleerd naar het model van de Universiteit van Londen en is eigentlik nooit een universiteit geweest, maar wel een Raad van Eksaminateure. Het was een bureau om certifikaten en graden uit te reiken aan mensen die het nooit had gesien of geheurd. Niet met levende wezen, maar met papieren en nommers had die inrichting het steeds te doen."

Hy vaar teen "Het eksamen" uit: "Op die manier is in ons land ontstaan een onding, dat alleen maar beschrijven kan word als eksamenwoede. Men doet eksamens en dacht nooit meer aan wetenschap en weteskappelike vorming."

Cillié stel dit verder so: "... ten gevolge daarvan (eksamens) de jonge Afrikaner - engels - zowel als hollandsperekend - met wei-nige uit-

zonderingen het denken heeft verleerd. Schreeuwers en napraters zijn er vei-en, maar waar zijn de denkers?" En verder: "Al de nadruk werd gelegd o p tweedehandse kennis, op het zogenaamde weten. Het ver-stand bleef leeg en verstompte en van wetenschappelike methode geen spoor."

Hy wys daarop dat die nuwe Universiteit nou van hierdie euwel kan wegkom en self sy eksamine-ring kan doen. Volgens hom is daar mense wat "... toen sy hoorde dat de Universiteit van Stellenbosch geen zogenaamde 'external' eksaminateure wilde hebbé openlik ver-klarde, dat dit zou zijn de onder-gang van onse hoogeschool. Als onse Universiteit daaraan sterfen moet, zal sy ten minste een eredoord hebben."

Vandag nog, 75 jaar later, staan Stellenbosch in baie opsigte alleen wat die gebruik van eksterne

*"Laat het ons lenze zijn om te dienen."*

eksaminatore vir voorgraadse kursusse betref en twyfel niemand aan ons standaarde nie. Het ons egter oral in die Universiteit daarin geslaag om hierdie hoe ideale van denke-ontwikkeling te bereik en om weg te doen met volgeprakte tweedehandse kennis sonder gepaardgaande begrip?

Prof R.W. Wilcocks, latere rektor, stel dieselfde ideale, wel in

ander woorde, by die eerste ope-ning van die nuwe Universiteit se eerste volle akademiese jaar op 17 Maart 1919: "Wat ons wil hê is nie bloot 'n doserende universiteit nie, maar wel 'n universiteit vir navor-singswerk - 'n navorsende universiteit. ... Ons universiteitsonderwijs moet veelmeer ingerig word met die oog op die toekoms dan met die oog op die verlede. Dit moet veelmeer gerig wees op die probleme wat nie opgelos is nie, en minder op die absorbeer van alles molik wat alreeds ontdek is."

Dié pleidooie is begrypbaar. Die oorwegend Skotse professore

*"Die Universiteit van Stellenbosch zal niet eng en bekrompen zijn..."*

wat in die tweede helfte van die 19de eeu die fondamente op Stellenbosch gelê het, het dit ongetwyfeld op hulle manier goed gedoen, maar by terugskoue is dit duidelik dat hulle hoofsaaklik op karaktervorming en die meedeel van kennis ingestel was. Daarom dan ook dat teen 1918 dié mense met hul agtergrond van nagraadse studie aan Duitse en ander Europese universiteite so sterk pleit vir 'n ander beklemtoning. Wilcocks pleit ook vir 'n "meer heuristiese - 'n ontdekkende metode" van onderrig en waarsku dat "'n metode wat meer didakties en dogmaties is op uitstekende wijse 'n intellektuele lafhartigheid ontwikkel."

In ons onderrigbeleid stel ons vandag, in ander woorde welis-waar, dieselfde visie. Ons sê o.m.: 1) "Die skep van soveel geleen-thede soos moontlik vir individuele studente om 'n kritiese sin te

ontwikkel en hul intellektuele horisone te verruum; 2) Die opvoeding van die student tot 'n ingeligte en verantwoordelike burger met 'n eie oordeelsvermoë; 3) Die voorbereiding van wetenskaplikes wat deur selfstandige navorsing 'n eie bydrae kan lewer tot die ontwikkeling van hulle vakdissiplines."

Die visie van destyds het egter breër as net intellektuele vorming

*"Stellenbosch het nooit... net toeskouer gespeel nie; Stellenbosch was betrokke."*

gestrek. Cillié in sy feesrede pleit: "Laat ons volgen het voorbeeld van die grootste meester die de wêreld ooit heef gekend en laat ons staan in ons land en onder ons volk gelijk één die dient. Laat het ons leuze zijn om te dienen."

Hy stel dit: "Wij hopen en weten het ook dat dese inrichting nooit bekrompen en eng worden zal waar het geldt die wetenschap of die waarheid ... Die Universiteit van Stellenbosch zal niet eng en bekrompen zijn ..."

Prof W. Blommaert, voorsitter van die Senaat, verwoord dit ietwat anders in 1929: "Die Universiteit van Stellenbosch het 'n tradiesie agter die rugt wat ons nie kan, wat ons nie mag verwaarlos nie. Dit is ons doel en strewe om dié tradiesie steeds in ere te hou, om die gees wat die stoere voorvegters en stille werkers van die verlede besiel het ongeskonke te bewaar. Dan alleen kan ons bly wat die Victoria-Kollege gewees is in die verlede: 'n inrichting wat vergroei is met die behoeftes en ideale van die volk self, 'n inrichting wat nie alleen plaatselike belangstelling wek of alleen gewestelike belang dien nie, maar 'n werkelike Alma Mater, 'n voedster-moeder, vir die hele bevolking, 'n nasionale kultuurcentrum in die hoogste betekenis van die woord."

Die pleidooi om dienstig te wees, om te lei, om wyd te kyk en nie eng te wees nie en 'n voedster-moeder vir die hele bevolking is op verskillende wyses en op verskillende tye oor hierdie 75 jaar uit-

geleef. Daar was volgehoue betrokkenheid by die eertydse sentrale problematiek van die Suid-Afrikaanse samelewingsbestel - proff J.F.W. Grosskopf en R.W. Wilcocks by die Carnegie-kommissie van ondersoek na die Armbalankevraagstuk in die twintigerjare, die Theron-kommissie van die sewentigerjare, Sabra, verhoudingsvraagstukke en die Cilliers's van my tyd (AC en SP), landbou-vraagstukke en die betrokkenheid van die Perolds, die Neethlings en die Reineckes van destyds en so kan ons tot vandag en in alle dissiplines die lyn deurtrek.

Stellenbosch het nooit op die kantlyn gestaan en maar net toeskouer gespeel nie; Stellenbosch was betrokke.

Wat ek probeer oordra, is die strewe, die missie van hierdie Universiteit oor 'n periode van 75 jaar om waaragtig universiteit te wees. Die strewe om in die "Ivey League" te speel, was van die begin daar en is in baie opsigte bereik. As

'n universiteit met 'n nuwelinginname waarvan 82,6% 'n C-gemiddeld of hoér in die matrikulasie eksamen behaal het (die volgende

gehalte en omvang van universitaire onderwys vorm een van die belangrikste hoekstene van die kwaliteit van die lewe wat daar in 'n ontwikkelende samelewing soos in ons land, tot stand gebring kan word. Dit is 'n gewone feit dat ekonomiese ontwikkeling, asook tegnologiese en staatkundige ontwikkeling nie geslaagd kan wees sonder 'n breed opgesette gemeenskapsontwikkeling nie. Om dit anders te stel, die ekonomiese strukture wat ontwikkel word en die staatkundige lewenspatrone wat geskep word, kan nie suksesvol funksioneer as die gemeenskap waarbinne dit optree, nie op die vlakte van verantwoordelikhedsbesef, waardes, morele kodes en algemene geestes-ingesteldheid 'n hoë peil van ontwikkeldheid hand-

haaf nie. En juis hierin sien ek een van die take van hierdie Universiteit in die komende jare.



Prof R.W. Wilcocks

"Tweedens word groot klem gewoonlik geplaas op 'n universiteit se onderrifunksie en op sy navorsingsfunksie, op kennisoordrag en op die inwin van nuwe kennis .... Hierdie Universiteit mag nooit wat hierdie drie fasette betref, toege-wings maak of verskonings aanvoer as hy op akademiese terrein benede 'n internasionaal erkende peil sou daal nie - dit mag net nie."

Verder: "Die vyfde funksie is egter dié van 'n radarwerk, waar toekomstige tendense in die samelewing - ekonomies, sosiaal en politieke - 'afgetas' en verwerk word sodat die voortsnellende vliegtuig veilig tot die werklikheid (grondwaarts) gevoer kan word. Ons moet die gemeenskap voor wees, en - al sou hulle ons kritiseer - deur eerlike argumente lei. Hierin moet ons as

Universiteit bereid wees om soos in die verlede - ja, selfs sterker as in die verlede - uit die gekoesterde rustigheid van 'n driehonderdjaar oue Bolandse dorp na buite te tree. Ons radarstrale moet die totale Suid-Afrikaanse gemeenskap omsluit."

*"Ons moet die gemeenskap voor wees... en deur eerlike argumente lei."*

'n Driekwarteeu as universiteit is bykans verby. Ons voorgangers het ideale gestel, ons het hopelik aan sommige daarvan voldoen. Ons het, so hoop ek, steeds universiteit gebly en daarvoor gewerk en baklei. Prof Cillie begin sy feesrede in 1918 met: "De hoop, de wens, de verwachting van honderden en duizenden in ons land, zijn voor onzer aller ogen werkelikheid geworden" en die University Magazine van April 1918 onder redaksie van E.G. Malherbe wat pas sy B.A. verwerf het, sê: "De Universiteit van Stellenbosch wil zijn een inrichting, waarin wij onszelf kunnen vinden en onszelf kunnen zijn, maar dan verwacht zij, dat wij het beste gebruik zullen maken van de betere gelegenheden, die zij ons schenkt, en dat wij al onze krachten aan haar zullen wijden. En dit kan alleen dan geschieden, wanneer wij bezielt zijn met warme liefde voor onze Universiteit."

Ideale wat hoog gestel is 75 jaar gelede, ideale wat steeds hoog gestel word, maar ek sluit graag af met hierdie "warmeliefde" vir ons Universiteit. Waar ek nou uittree, is dit my pleidooi aan u as Konvokasie om "warmeliefde voor Onze Universiteit" te hou en te bewys. Onse Universiteit en my opvolger het dit nodig. Ek het u warmeliefde vir hierdie Universiteit in my termyn as Rektor waardeer.

---

\* 'n Verkorte, geredigeerde weergawe van 'n toespraak voor die US-Konvokasie op 3 Desember 1992.

# 12 Eregrade

Die Universiteit het sedert einde verlede jaar 12 eredoktorsgrade toegeken - twee in Desember en tien op die spesiale gradeplegtigheid op 2 April ter viering van 75 jaar sedert die US universiteitstatus verkry het.



**REGS:** is die twee ontvangers van eregrade in Desember: prof Ben Marais, 'n Oud-Matie wat 21 jaar as professor in teologie aan die Universiteit van Pretoria verbondé was en na sy aftrede daar nog 12 jaar aan Unisa verbondé was, en dr Rein Arndt, 'n voormalige professor in organiese chemie aan die US wat die SNO (Stigting vir Navorsingsontwikkeling) tot onafhanklike statutére raad geleei het en die eerste President daarvan was.

**BO:** Op die spesiale plegtigheid van 2 April was agt van die tien ontvangers van eregrade teenwoordig. Hulle is hier saam met die Kanselier, dr Jan van der Horst, naasregs voor, die Rektor en Visekanselier, prof Mike de Vries, naaslinks voor, asook prof Hennie Rossouw, Viserekotor: Akademies, heel links in die middel, en prof Andreas van Wyk, Viserekotor: Bedryf, heel regs in die middel. Die eregraduati is proff GG Cillié (links voor), prof SP Cilliers (regs voor), prof Danie Joubert (naaslinks, middel), dr Danie van Niekerk (naasregs, middel) asook (agter) prof Kay de Villiers, prof AB van der Merwe, dr

Gavin Relly en prof Charles Nkabinde.

Twee buite-landers, proff Paul Ricoeur en James D. Watson, se eregrade is in hul afwesigheid toegeken. Prof Ricoeur, wat onlangs 80 geword het, word as die grootste lewende filosoof van hierdie eeu beskou. Nege universiteite in Europa en die VSA het reeds eredoktorsgrade aan dié beroemde Fransgebore geleerde toegeken. Hy is op Stellenbosch vereer vir sy oorspronklike en invloedryke denke op die terrein van die filosofie. Prof Watson, 'n Amerikaner wat in 1961 die mede-ontvanger van die Nobelprys vir Geneeskunde was, het reeds eredoktorsgrade van 15 universiteite in verskillende lande ontvang. Die US het hom vereer vir sy baanbrekerswerk op die gebied van fundamentele



biologiese navorsing. Hy het die Universiteit in Februarie vanjaar besoek (berig op bl. 5).

Proff Cillié, Cilliers en Van der Merwe is oud-dosente van die Universiteit. Prof Cillié, 'n afgetreden wiskundedosent, is vereer vir sy bydrae tot die bevordering van kerk-musiek en sy algemene leierskap op die terrein van die Afrikaanse kultuur. Prof Cilliers (voormalige Hoof, Departement Sosiologie en afgetreden Dekaan, Lettere en Wysbegeerte) is vereer vir sy rigtinggewende wetenskaplike bydraes op die terrein van die sosiaal-maatskaplike problematiek. Prof Van der Merwe, afgetreden Hoof van die Sielkundedepartement, is vereer vir sy bydrae tot die uitbouing van sielkunde as 'n wetenskap in SA vereer.

Prof Joubert, wat 'n doktorsgraad

in die landbouwetenskappe aan die US behaal het en in 1991 as rektor en visekanselier aan die Universiteit van Pretoria afgetree het, is vir sy bydrae op die gebiede van landboukundige navorsing en tersiëre onderwys in SA vereer.

Nog twee akademici wat eredoktorsgrade ontvang het, is prof De Villiers, een van die land se voorste mediese wetenskaplikes en tans hoof van neurochirurgie by die Universiteit van Kaapstad, wat vir sy bydrae op die gebied van die Geneeskunde in SA vereer is, asook prof Nkabinde, rektor en visekanselier van die Universiteit van Zululand, wat vir sy bydrae op die terreine van tersiëre onderwys, algemene kultuurbevordering en menseverhoudinge in SA vereer is.

Dr Relly, uitvoerende direkteur van Anglo American, is vir sy bydrae op die terrein van besigheidsbestuur en ekonomiese ontwikkeling vereer, en dr Van Niekerk, afgetreden besturende direkteur van Tafelberg-uitgewers, vir sy bydrae tot die uitgee van die Afrikaanse boek.

# Voorgestelde Universiteitslied

*Moontlike Universiteitslied vir die US*      *tekst: Lina Spies*  
*musiek: Roelof Temmingh*

1. Stellenbosch getieverde plek, jou wil ons waardig wees; op die verreis  
 2. Matieland sal altyddeur ons aan mekaar verbind, en in nuwe  
 ca. 108

van die gese jou rykdom bly ont-dek. Hoor om ons sal die hier = ge die  
 ty - e weer die regte koerslaat vind. Hier wil ons deur ons denke en

oog steeds owaarts lei; so word ons aan die beste, die skoonste toegewy.  
 spel die jongheid eer - só diensbaar vir die toekoms ook lewenswysheid leer.

*Roelof Temmingh, Stellenbosch 1992*

Ook Oud-Maties se menings word gevra oor die beoogde nuwe Universiteitslied wat op die initiatief van die Matie-Studenteraad verlede jaar ontstaan het. Vir dié doel word die lied se musiek en woorde hier gepubliseer.

Die Studenteraad probeer om 'n nuwe US-lied te verkry omdat die oue, wat uit die vorige eeu dateer, in die afgelope dekades al heeltemal in onbruik verval het.

Die voorgestelde lied se liriek is deur 'n bekroonde digter, prof Lina Spies van die Departement Afrikaans en Nederlands, geskryf. Nog 'n US-dosent, en 'n bekroonde komponis, prof Roelof Temmingh van die Konservatorium, het die musiek geskryf.

Nadat prof Spies die liriek geskryf het, het die SR 'n wedstryd vir die musiek uitgeskryf, wat prof Temmingh se wenkomposisie

opgelever het.

Daar is nog nie finaal op die voorgestelde lied besluit nie. Soos in die vorige uitgawe van Matieland berig is, het prof Andreas van Wyk, die aangewese Rektor en Visekanselier, gesê dit moet die Maties, Oud-Maties en US-personeel se lied wees en enige beslissing daaroor sal na breë oorlegpleging met al die belanghebbendes by die Universiteitsraad berus.

Oud-Maties kan kommentaar of navrae oor die voorgestelde lied rig aan: Die Studenteraad, kamer 3021, Langenhoven-studentesentrum, Stellenbosch, 7600; of aan mej Alison April, wat tot verlede jaar 'n SR-lid was en steeds hiermee belas is (Haar adres is Andringahof 1, Andringastraat, Stellenbosch, 7600, tel. 02231-72523).

# VAN ONS DONATEURS

*Senous kry R320 000*



*Syfrets skenk R250 000*



Juta Opvoedkundige Uitgewery het R320 000 aan die Sentrum vir Onderwysontwikkeling (Senous) geskenk. Hier oorhandig mnr Johann Potgieter (regs), Direkteur van Juta, die tjak aan prof Mike de Vries, Rektor en Visekanselier, terwyl dr Ludolph Botha, Direkteur van Senous, toekyk. Juta, wat vanjaar sy 140ste bestaansjaar vier, wil by die snel veranderende opvoedkundige omgewing aanpas deur twee Senous-projekte te ondersteun - een vir omgevingsopvoeding en een vir die ontwikkeling van hulpbronne vir die onderrig van Afrikaans op Junior Primêre en Sekondêre vlak.

Die US gaan vir sy voorgraadse beursleningskema en Regshulpkliniek in vyf jaar R250 000 van Syfrets Bestuurde Bates Bpk ontvang. Mnr Leon Campher (regs), Besturende Direkteur van die firma, het die eerste R50 000 van die skenking aan prof Andreas van Wyk, aangewese Rektor en Visekanselier, oorhandig. Die beursleningskema is verlede jaar ingestel om behoeftige Maties met hul studiekoste te help.

*R275 000 van Vynide*



Die firma Vynide van Somerset-Wes, wat nou saamwerk met die Instituut vir Polimeerwetenskap, US, het onlangs R275 000 aan die Universiteit geskenk. Hier ontvang dr Ron Sanderson (regs), Direkteur van die instituut, die borgskaptjek van Vynide se Besturende Direkteur, mnr Barry Arnoldt.



*Seminare vir skoliere*

Die US se jaarlikse Onderwysleierskap-ontwikkelingseminare (OLOS) is in Januarie vir die 17de keer aangebied. Dié multikulturele program vir hoofprefekte en leerlingraadleiers in Kaaplandse hoër skole betrek jaarliks sowat 500 skoliere van alle bevolkingsgroepe. 'n Veertiental sulke streekseminare word terselfertyd op nege plekke in die provinsie aangebied. Naas die US se bydrae en die skoliere se inskrywingsgeld het agt borge gehelp om vanjaar se aanbieding moontlik te maak. Prof Andreas van Wyk (naaslinks), aangewese Rektor en Visekanselier, en Chimpie Cawood (regs), Sekundusdekaan van Opvoedkunde en een van die OLOS-projekleiers, is hier by verteenwoordigers van drie van dié firms: mnr Marius Ferreira (Boltons Footwear, Groot-Brakrivier), mev Suzette Swart (Foschini) en mnr Flip Barnard en Joa Louw, die Hoofbestuurder en die Voorsitter van Bokomo, Malmesbury. Boland Bank, Chiltern Farms en Twaalffontein-plase (albei van Villiersdorp), Eikenhof-plase (Elgin) en Guardian & National Verzekering het ook die seminare gehelp borg.



Korttermynversekering

Santam sken jaarliks R15 000 aan die Departement Bedryfsekonomie vir nagraadse korttermynversekering-kursusse. Mnre Danie de Stadler (regs) van Santam het die borgskaptjek aan prof Piet du Plessis (Departementekele Voorsitter) oorhandig. Links is prof Erik Mostert, ook van dié departement.



Van Coca-Cola, vir beurse

National Beverage Services sken elke jaar beursgeld vir Maties. Mnre Peter Flanders (links) en Terence Plaatjes (regs) van Peninsula Beverage Company, die plaaslike botelleerde van Coca-Cola in Wes-Kaapland en die Boland, het die beurs-tjek onlangs aan mnre Gerhard Loedloff van die US Stigting oorhandig.




Vir die Studenteraad

Volkskas Bank borg verskeie werksaamhede van die Studenteraad. Mnre Louis von Zeuner (regs) bestuurder van die bank se Stellenbosch-tak, en Willem Nel (onderbestuurder, links) oorhandig hier 'n borgskap-tjek aan mnre André van der Spuy, die SR-voorsitter.



Bande met Nederland

Mnr Pieter Westra (links) van Kaapstad het as Voorsitter van die Van Ewijk-stigting 'n tjek vir twee merietebeurse vir Maties aan mnre Sunley Uys, Direkteur van die US Stigting, oorhandig. In ooreenstemming met die Van Ewijk-stigting se doelstellings is dié beurse vir studie of navorsing in Nederland of Suid-Afrika, ter bevordering van kultuurbande tussen die twee lande.



Boland Bank-skenking

Mnre Sunley Uys, Direkteur van die US Stigting, en Gawie Luttig, takbestuurder van Boland Bank op Stellenbosch, met die oorhandiging van die bank se jaarlikse skenking aan die Universiteit.



Inmaakvrugteraa

Die Inmaakvrugteraa het R5 000 vir opleiding en navorsing in produkevaluering aan die Departement Huishoudkunde geskenk. Die raad se Bestuurder, mnre Frans le Roux, is hier by huishoudkundedosente prof Ria van Wyk (Voorsitter van die Departement), mev Ann Botha en mej Nina Muller.

# IN MEMORIAM

Matieland het met leedwese verneem van die heengaan van die volgende US-personeellede, Oud-Maties, Maties en andere wat 'n verbintenis met die Universiteit gehad het.

**Mnr JH Acker** (52) van Stellenbosch; B.Sc., M.Sc. (1962, '64).

**Mnr HPM Agenbach** (65) van Welgemoed, Bellville; B.Sc. (1948).

**Ds WA Alheit** (83) van Hermanus; B.A. (1930) waarna hy aan die Kweekskool opgeleid is; was o.m. NG leraar op Touwsrivier, Laingsburg, Swellendam, Wellington, De Doorns en Hermanus.

**Dr DH Blanckenberg** (25) van Malmesbury; M.B., Ch.B. (1990).

**Mev SH (Susan) Cilliers** (80) van Altena, Strand: voorheen van Pretoria: Diploma in Maatskaplike Werk; vrou van ds Hennie Cilliers wat NG predikant was, o.m. in Woodstock en op De Aar en Moorreesburg asook kapelaan op Walvisbaai en Voortrekkerhoogte.


**Mej CES (Elize) Coetzee** (72) van Stellenbosch; B.A. (1940); was op 29-jarige leeftyd reeds hoof van 'n meisieskool op Cradock; van 1964 tot 1984 hoof van die Hoër Meisieskool Bloemhof, Stellenbosch; oudvoorsitter van die SAOU en oud-hoofbestuurslid van die Taalbondkommissie.

**Prof DH (Danie) Craven** (82) van Stellenbosch; B.A., M.A., D.Phil. in Antropologie (1932, '33, '35), Hons.B.A. met lof en M.A. in Sielkunde (1962, '64) asook D.Phil. in Liggaamlike Opvoedkunde (1978). Hy het nog 'n doktorsgraad, in die Sielkunde, aan die UP behaal en het in 1979 'n eredoktorsgraad van die US ontvang.

Ná 'n geslaagde Weermagloopbaan was hy van begin 1947 tot met sy aftrede (einde 1975) professor en hoof, Departement Liggaamlike Opvoedkunde, US; daarna tot einde 1981 Direkteur, Sport en Ontspanning; en tot einde 1984 Direkteur van die US se Sportinstituut. Hy was 'n US-



Prof Danie Craven



Prof Derek Donald



Dr Danie Malan



Mnr Dlamini Mputa



Dr Etienne Rousseau

Raadslid; was lank Wilgenhof se inwonende hoof; het veral in die jare sestig en sewentig 'n reusebydrae tot die US-fondsinnamegaksie gelewer; het deur dekades 'n noue verbintenis met Matiesport en veral -rugby gehad; en was met sy dood nog President van die Rugbyklub.

Dr Craven - of Dok soos hy

wyd bekend was - was een van Suid-Afrika se grootste sportleiers, 'n rugbylegende wat wêreldwyd Mnr Rugby genoem is. Hy het gedurende 1932-'38 vir WP, OP en Noord-Transvaal uitgedraf, nadat hy Suid-Afrika reeds in 1931-'32 teen die Britste Eilande verteenwoordig het. Tot 1938 het hy in 16 internasionale wedstryde (vier as

kaptein) gespeel. Reeds vroeg in sy loopbaan het hy die (steeds ongeëwenaarde) prestasie behaal om op vier verskillende posisies in toetsrugby te speel.

Hy het in verskeie rugby-unies se besture en keurkomitees gedien; het van 1949 tot 1956 in die SA keurkomitee gedien; was tot 1956 medebestuurder of bestuurder van verskeie Springboktoere na die buiteland; was sedert 1956 voorsitter van die Rugbyraad en was vanaf 1957 'n lid van die Internasionale Rugbyraad, waarvan hy verskeie kere voorsitter was.

Deur die dekades het hy 'n noue verbintenis met Matiesport en veral rugby gehad. Hy het die Maties vanaf 1947 afgerig en was tot sy dood steeds president van die Rugbyklub. Die US se rugbystadion (voltooi in 1980) is na hom vernoem. 'n Rubgbymuseum oor hom en oor sy ewe legendariese voorganger as Matie-afrigerter, "Oubaas" Mark Markötter, is in die Sportburo by die US ingerig.

Die DVD is deur die Staatspresident aan hom verleen, hy was 'n ereburger van Stellenbosch en 'n pawiljoen op die Nuwelandse rugbystadion is na hom vernoem. Een van die laaste eerbewyse aan hom was 'n erepenning wat die US se Klub vir SR-oudvoorsitters einde verlede jaar aan hom toegeken het.

**Prof Derek M Donald** (62) van Stellenbosch; B.Sc. en M.Sc. in Bosbou (1964, '68); afgetreden voorstitter van die Departement Boskunde; was van 1960 tot sy aftrede in 1991 aan die Bosbou-fakulteit verbonde en het tot sy dood steeds in 'n tydelike senior lektorspos aangehou werk; het as suksesvolle navorser 'n kategorie C-evaluering van die SNO geniet; het 76 erkende wetenskaplike artikels en talle nader publikasies opgelewer; was lid van 'n aantal vak-kundige organisasies ook in die buiteland; het uitgebreide buitelandse studiebesoeke gebring - in Europa, Brittanje, Noord- en Suid-

Amerika, die Midde- en Verre Ooste, Noord-Afrika, Australië en Nieu-Seeland; 'n stigerslid van die SA Bosbou-instituut; 'n boorling van Belfast, Noord-Ierland wat B.Sc. in Aberdeen behaal het.

**Mej Corné Dreyer** (19) van Kuilsrivier; tweedejaar-M.B.Ch.B.-student; oud-hoofmeisie van HS De Kuilen, Kuilsrivier; dood in 'n motorongeluk.

**Mnr A.W. Drayton** van Somerset-Wes; 'n M.Sc.Agric-student; is in 'n duikongeluk oorlede.

**Mnr FG Greeff** (32) en sy vrou, **mev C Greeff** (gebore Joubert) (31), van die Paarl. Hy het B.Comm. (1982) behaal en sy B.Sc. in Huishoudkunde (1984).

**Mnr JFW (Jan) Haak** (75) van Bellville; B.A., LL.B. (1937, '39); was SR-voorsitter in 1939; prokureur in Bellville en daar LV vanaf 1953; later adjunkminister en tot sy uittrede uit aktiewe politiek in 1970 in verskeie kabinetsposte, o.m. Ekonomiese Sake en Beplanning; praktiseer weer as prokureur in Pretoria en dien vanaf 1987 vir 'n tyd in die Presidentsraad; was 'n oudpresident van die AHL.

**Mnr WT Hanekom** (73) van Rawsonville; B.Comm. (1939).

**Mnr JD de V (Japie) Horak** (80) van Pretoria; B.A. (1932). Nadat hy 'n Admissiegraad op Stellenbosch behaal het, kon hy vanweë die depressie nie Kweekskool toe gaan nie en het hy by die Staatsdiens aangesluit waar hy tot sy afrede lank hoof van die Taalburo was; was skrumskakel vir die o.19A-span en vir die Matie-eerstespan (as Danie Craven nie beskikbaar was nie); in Pretoria het hy vir Tukkies en Oostelikes eerstespan gespeel.

**Mej Jenny Knouwds** (22); B.Rek. (1992) en vanjaar as honneursstudent ingeskryf; afkomstig van Windhoek; is in 'n motorongeluk oorlede.

**Mnr JS Kok** (66) van Somerset-Wes; B.Comm. (1947).

**Mnr Abraham Kriel** (62) van Stellenbosch; B.Sc. en M.Sc. in Landbou (1952, '63); voor sy afrede verbonde aan SBW op Stellenbosch.

**Mnr IG (Zak) le Roux**, 'n navorser van die Natalse Parkeraad in Hluhluwe, is op sy 30ste verjaardag in 'n kanovaartongeluk dood; B.Sc.Agric. (met Natuurbewaring) in 1986 behaal.

**Mnr JP Liebenberg** (71) van Bergvliet, Kaapse Skiereiland; B.A., M.A. (1952, '54).

**Mnr MJ Linde** (68) van Kilnerpark, Pretoria; B.Sc., B.Ing. (1947).

**Mnr GD Louw** (83) van Eldoraigne, Verwoerdburg; B.Sc. (1926).

**Ds DF (Danie) Malan** (65) van Stellenbosch; B.Sc.Ing., BA, M.A., M.Th. (1949-'59); as Matie was hy o.m. 'n SR-lid, voorsitter van die Debatsvereniging, primarius van Huis Marais en Hoofbestuurslid van die ASB; seun van destydse premier wyle dr DF Malan; het sy doktorale studie in New York voortgesit maar dit gestaak nadat hy daar wrede aangerand is; was NG predikant in Johannesburg voordat hy demissie aanvaar het om verder te studeer; verleen pastorale hulp by die gemeente Bothasig vir 11 jaar.

**Mnr Gordon (Dlamini) Mputa** van Transkei; MA (1980); wat in 1986 na 27 jaar as spraakhulp in die Departement Afrikatale aan die US

afgetree het; 'n boorling van Transkei wat in Natal as onderwyser opgelei is en grade aan Unisa en Fort Hare behaal het voordat hy aan die US aangestel is; was die medeskrywer van 'n Xhosa-handboek vir tweedetaal-gebruikers in standerd ses tot tien.

**Mev Margot G Odendaal** (gebore De Villiers) (79) van die Strand; Diploma in Huishoudkunde, Onderwysdiploma (1932, '33); primaria van die destydse Greylock; was onderwyseres op Murraysburg waar sy met Oud-Matie mnr MJ Odendaal getroud is.

**Mnr MH (Mike) Pienaar** (92) van Kaapstad; het 'n hoër primêre onderwyssertifikaat (1923) behaal en skoolgehou voordat hy terugkeer het US toe om BA (1929) te behaal; daarna 35 jaar in die onderwys voordat hy in 1955 tot die uitgewersbedryf toegetree het; was lank burgemeester van Bellville waar 'n rylaan na hom vernoem is.

**Dr GR Pienaar** (77) van Wellington; B.Sc. (1935).

**Ds C Beyers Roelofse** (67) van Somerset-Wes; B.A., M.Th.; knap student aan wie Abe Baily-beurs twee keer toegeken is; was onderwyser voordat hy vir predikant gestudeer het; Matie-eerstespan, Boland- en SWD-rugbyspeler; 1959-'60-SR-voorsitter; NG leraar van Groot Brakrivier en Milnerton en tot 1985 kapelaan van Kommandemente WP.

**Dr P Etienne Rousseau** (82) van Hermanus; B.Sc. en M.Sc. (1929, '30) en 'n eredoktorsgraad in 1966; het ook eredoktorsgrade van die UOVS en RAU verkry; was een van die grootste nyweraars wat Suid-Afrika nog opgelewer het;

was lank besturende direkteur en voorsitter van Sasol; ook voorsitter van FVB; het ook direkteurskappe beklee by Federale Mynbou, General Mining, Sanlam en die Reserwebank; voormalige kanselier van die Universiteit van Fort Hare en 'n gewese voorsitter van die SA Stigting. Hy het die US ook gedien as Raadslid en lid van die Raad van Trustees.

**Mnr HJP Schutte** (80) en sy vrou, **mev HA Schutte** (77) van die Strand; hy het B.A., LL.B. (1932, '34) behaal.

**Mej Anna JM Stephanissen** (83) van Middelburg, Tvl.; B.Sc., SOD, M.Sc. (1928, '30, '31).

**Prof J Swanepoel** (78) van Pietersburg; B.A. (1940).

**Mnr JJ Uys** (79) van Stellenbosch; B.Comm. (1949).

**Mnr IM van Aarde** (89) van Ametis, Strand; B.A. (1922).

**Mev June van de Wall** (gebore Malan) (59) van Kimberley; het 'n Huishoudkunde-diploma behaal; was onderwyseres in Port Elizabeth en Grahamstad, skoolhoof op Tweespruit en inspektrise; en het in die ACVV-hoofbestuur gedien.

**Mnr HM van Huyssteen** (gebore Morrison) (76) van Hermanus; B.Sc., SOD, ZSISO, ZDILO (1935-'37).

**Ds Japie van Schalkwyk** (63) van Hartenbos; B.A. (1949); 'n oud-inwoner van Dagbreek.

**Mnr PAC Visser** (67) van Bergvliet, Kaapstad; B.A. (1955).

**Mnr JJH Vosloo** (64) van Keimond; B.Sc. (1948).

**Mnr BQ Wessels** (78) van Brooklyn, Pretoria; B.Comm. (1939).

## a Matie from Moscow

Stellenbosch University has its first Russian undergraduate student. She is 18 year old Ms Arina Anatolevna Zaitseva, daughter of the Russian Ambassador to the Congo, who is doing a BA in languages (Afrikaans, French and English.)

She commenced university studies at Moscow State University



tained a degree in Commerce at MSU.

Although she misses Moscow, family and friends in Russia, she expressed the desire to work in South Africa after

completion of her studies.

"We couldn't think that there would be such a lovely country at the end of the world," she says of South Africa.

Why did she choose Stellenbosch? The reply is most convincing: "Because it's a nice quiet place and the scenery is breathtaking."

# DOKTORSGRADE

Altesaam 62 doktorsgrade is vir 1992 op die US se vier plegtighede in Desember en die aanvullende plegtigheid in Maart vanjaar toegeken. Onder hulle is prof Bun Booyens, President van die Konvokasie en afgetrede hoof van die Departement Afrikaanse Kultuurgeskiedenis, wat op 77-jarige leeftyd sy tweede doktorsgraad behaal het. Nog iemand wat 'n tweede doktorsgraad behaal het, is dr Francois van Niekerk, senior lektor in Mens- en Dierfisiologie aan die US, wat op 30-jarige ouderdom sy tweede Ph.D. Agric-graad (in Dierefisiologie) verwerf het. Hier verskyn die foto's van al dié nuwe doktore.




Op die eerste gradeplegtigheid in Desember is doktorsgrade in die Natuurwetenskappe, Geneeskunde, Bosbou en Tandheelkunde toegeken aan (voor) drr J Greyling (Chemie), YC Melo (Soölogie), CC Chase (Geneeskundige Fisiologie) en A Jaffer (Chemiese Patologie). Middel: drr JH de Lange (Botanie), BH Harvey (Chemiese Patologie) en C-K Ho (Botanie). Agter: drr J Fourie (Boskunde), RE Ysbrandy (Houtkunde), PE Rossouw (Ortodansie) en WP Pienaar (Psigiatrysie). Afwesig: dr C de Ronde (Boskunde).



Doktorsgrade in die Opvoedkunde, Landbouwetenskappe, Regsgeleerdheid en Teologie is op die tweede Desember-plegtigheid toegeken aan (voor) drr FD Mellett (Vekunde), H Boshoff (Didaktiek), GM Littlejohn (Genetika) en I Bruwer (Entomologie). Middel: drr J Marais (Wynkunde), JHF Tautz (Dogmatologie), JR de Ville (Publiekreg) en FE van Niekerk (Dierefisiologie). Agter: drr AS Jordaan (Didaktiek), GJ Kotzé (Fundamentele Opvoedkunde), AF Nel (Dogmatologie) en D van Lill (Akkerbou-Weiding).



Op die derde plegtigheid in Desember is D-grade in die Handel en Administrasie en in Ingenieurswese verwerf deur (voor) drr AF du Preez (Meganiese Ingenieurswese) asook JC Jacobs en MS Bayat (albei in Publieke Administrasie). Middel: drr NH Louw (Vervoereconomie), JB de Swart (Elektroniese Ingenieurswese), TJ van der Walt (Metallurgiese Ingenieurswese) en CF du Toit (Elektroniese Ingenieurswese). Agter: drr HF Wissink (Publieke Administrasie) asook WR Gevers en AM Brand (albei in Besigheidsbestuur en -Administrasie).



Drie van die vyf doktorsgrade in die Lettere en Wysbegeerte wat op die vierde Desember-plegtigheid toegeken is, is vir Semitiese Tale en Kulture, aan (agter) dr BA Nieuwoudt en A Steltzer en (links voor) dr S Stassen. By hulle is dr E Albertyn (Afrikaanse Kultuурgeskiedenis) en D Fourie (Maatskaplike Werk).



Doktorsgrade in Lettere en Wysbegeerte, Natuurwetenskappe, Opvoedkunde en Landbouwetenskappe is op die Maart-plegtigheid toegeken aan (voor) dr MC Marshall (Didaktiek), RE Pieterse (Genetika), (prof) Bun Booyens (Afrikaanse Kultuurgeeskiedenis), E Pretorius (Plantpatologie) en E Laing (Mikrobiologie). Middel: dr JL Conradie (Fisika), CC Wollhuter (Vergelykende Opvoedkunde) en CA Vale (Politieke Wetenskap). Agter: dr PJ Normand (Opvoedkundige Sielkunde), JE Strydom (Didaktiek) en MF Gerber (Sielkunde).



In Maart is doktorsgrade ook in Teologie, Handel en Administrasie, Ingenieurswese, Geneeskunde en Bosbou toegeken. Dié nuwe doktore het daarop aangedring dat die dubbele doktor, prof Bun Booyens, ook vir hulle foto moes bywees. Hy is hier (middel agter) saam met (voor) dr ZE Nackerdien (Geneeskundige Biochemie), S Engelbrecht (Geneeskundige Virologie), MM Hugo (Burrows) (Besigheidsbestuur en -administrasie) en JA Ferreira (Chemiese Patologie). Middel: dr L Lorenzen (Metallurgiese Ingenieurswese), LC Jonker (Ou Testament), GW van Rooyen (Sendingswetenskap) en JS Malherbe (Ou Testament). Agter: (weerskante van prof Booyens) dr PG Thirion (Ekklesiologie) en J du P Smith (Besigheidsbestuur en -administrasie). Afwesig: dr MC de Beer (Chemiese Patologie) en S-H Chang (Boskunde).

# NOTULE

## 1992-JAARVERGADERING VAN DIE KONVOKASIE

(In die HB Thom-teater, 3 Desember 1992)

**Aanwesig:** Proff. B. Booyens (President en Voorsitter), T. Pauw, (Visepresident), mnre. C.W. Andrews, J.A. Aspeling, dr. C.F. Albertyn, mev. I.A. Barnard, prof. W.S. Barnard, mnr. N.J. Basson, dr. W. Basson, mev. A.M. Beyers, dr. B.G. Beyers, di. J.M. Blignaut, E.V. Blommaert, mev. J.S. Booyens, dr. A.M. Bosman, dr. W.J.C. Boonzaier, prof. A.G. Botha, mnr. D.C. Botha, prof. B.V. Bredenkamp, mev. L.T. Brink, dr. P.A. Brink, mnre. W.P. Burger, E.J. Carelse, prof. G.G. Cillié, mev. E.J. Cilliers, prof. S.P. Cilliers, dr. V. Claassen, prof. W.T. Claassen, mev. M.A. Coertzen, prof. P. Coertzen, mnr. J.P. Coetsee, dr. F.J. Coetzer, mnr. R.P. Conradie, proff. J. Cook, J.J. Cruywagen, prof. J.A. de Bruyn, mevv. M.J. de Bruyn, H.C. de la Bat, mnr. J.D.J. de Necker, mev. M.C. de Necker, drr. D.P. de Villiers, D.S. de Villiers, prof. M.J. de Vries, mev. R. de Vries, prof. P.J. de Wet, mnr. P.A. de Witt, mevv. A.E. Dreyer, C.M. Dreyer, mnre. H.S. Dreyer, S.A.P. Dreyer, proff. T.P. Dreyer, J. du Preez, mnr. F.L. du Toit, proff. J.B. du Toit, D.L. Ehlers, mnr. J.P.J. Engelbrecht, prof. W.J. Engelbrecht, mnr. A.J. Esterhuyse, mev. C.S. Esterhuyse, dr. J.H. Esterhuyse, mnr. J.L. Fechter, mev. H.E. Ferreira, dr. P. du T. Fourie, mnre. J.A. Gerber, M.E. Graf von Dürckheim, mev. A.E. Greeff, mnre. F.E. Greeff, J. Goosen (jnr.), J. Goosen (snr.), proff. H.J. Grosskopf, F.J.W. Hahne, dr. M. Hanekom, mev. C. Hattingh, dr. D.J. Hattingh, mev. A. Heyns, ds. H.A. Heyns, drr. J.B.B. Heyns, C. Heys, mnre. J.P. Holtzhausen, mev. S. Holtzhausen, dr. F.A. Janse van Rensburg, mev. C. Jansen, mnr. F.C. Jansen, prof. J.P. Jansen, mev. Z.B. Jansen, dr. H.F. Jordaan, mev. H.M. Jordaan, mev. D. Kapp, prof. P.H. Kapp, dr. J.C. Kannemeyer, mevv. G.E. Kempen, L. Kriel, prof. S. Kritzinger, mnr. A.D. Kruger, prof.



By die Konvokasie se jaarvergadering was die geleenthedspreker, prof Mike de Vries (regs), saam met prof Bun Booyens, President van die Konvokasie, en die Kanselier, dr Jan van der Horst.

B.C. Lategan, mev. E.M. le Roux, mnre. F.J. le Roux, M.S. le Roux, dr. P.J. le Roux, mnre. C.H. Loubsen, W.J. Louw, A.D. Lückhoff, dr. D.F. Marais, mnr. P.W. Marais, prof. J.T. Meij, mev. M. Meij, mnre. I.F. Mocke, C.R. Möller, D. Moolman, P.K. Morkel, prof. J.C. Morgenthal, mev. L.H.H. Müller, mnr. N.C. Müller, dr. L.M. Muntingh, mev. M.E. Murray, prof. J.A.J. Nel, mnre. J.M.S. October, R.A. Oktober, mev. B.E. Olivier, prof. J.P.J. Olivier, mnr. J.R. Olivier, mnr. J.C. Oosthuizen, mev. H.B. Pauw, mnr. F.W. Pohl, mev. K.P. Pretorius, dr. R. Pretorius, mev. L. Rabie, mnr. J.F. Rauch, prof. H.W. Rossouw, prof. A. Rozendaal, mev. D. Rozendaal, prof. D.F. Schneider, mev. F.C. Schneider, prof. G.M.K. Schüler, mev. R. Schüler, mnr. K.G. Seeger, mnre. E. Smit, G.C.C. Smith, dr. E.L.P. Stals, mev. M. Steyn, mnre. P.G. Steyn, K. Stofberg, prof. C.J. Swanevelder, mnr. H.J. Terreblanche, mev. R. Terreblanche, mnr. J.P. Theron, prof. B.F. Thiart, mnr. L.M. Toerien, mej. F.K. Treurnicht, mnre. H.J. Truter, D.S. Uys, mevv. E. Uys, G.C. van der Horst, dr. J.G. van der Horst, prof. A.B. van der Merwe, mevv. A.L. van der Merwe, H.A. van der Merwe, dr. J.J.R. van der Merwe, mnr. P.J. van der Merwe, mev. E.H.

Villiers, en mev. de Villiers, lede van die Raad en hulle eggenotes, die Aangewese Rektor en Visekanselier, prof. A.H. van Wyk, en mev. Van Wyk, die Viserektor (Akademies), prof. H.W. Rossouw, en mev. Rossouw. Die Voorsitter rig ook 'n spesiale woord van verwelkoming aan die voormalige President van die Konvokasie, prof. G.G. Cillié.

Op versoek van die Voorsitter staan al die aanwesiges enkele oomblikke op ter nagedagtenis aan die lede van die Konvokasie wat sedert die vorige vergadering te sterwe gekom het.

Die Voorsitter deel die vergadering mee dat een van die lede van die Konvokasie, mev. Jessie Frean, vanjaar 100 jaar oud geword het. Sy is as Jessie May Weston in Australië gebore en het die B.A.-graad in 1913 aan die Victoria-Kollege verwerf. 'n Kleindogter van haar het ook 'n B.Sc.-graad aan die Universiteit van Stellenbosch verwerf. Mev. Frean woon tans in Pretoria en 'n boodskap van gelukwense is op 22 Augustus 1992 namens die Konvokasie aan haar gestuur.

**2. Konstituering:** Die Voorsitter verklaar dat die vergadering gekonstitueer is ooreenkomsdig 'n kennisgewing wat in die Staatskoerant en in sekere dagblaaie gepubliseer is.

**3. Notule:** Die notule van die vergadering van 28 November 1991, wat in Matieland gepubliseer is, word as gelees beskou, in orde bevind en deur die Voorsitter onderteken.

**4. Geleenthedspreker:** Die Voorsitter stel die geleenthedspreker, prof. M.J. de Vries, Rektor en Visekanselier, aan die hand van 'n beknopte curriculum vitae aan die gehoor voor. Aangesien die Universiteit op 2 April volgende jaar sy 75ste verjaardag as volwaardige universiteit vier en prof.

De Vries kort daarna, t.w. op 30 Junie 1993, met pensioen aftree, is hy besonder goed toegerus om die onderwerp "75 Jaar US" te behandel. Prof. De Vries illustreer verskeie fasette van die groei van die Universiteit op 'n aanskoulike wyse en bring daar mee perspektief op die grootliks veranderde funksionering en omvang van die Universiteit. Hy toon ook aan hoe die missie van die Universiteit as 'n instelling wat streef na uitnemendheid, oor 'n tydperk van 75 jaar en ten spye van tydse formuleringe, soos 'n goue draad onveranderlik deur loop. Vir volgehoue sukses vra prof. De Vries dat die Konvokasie, in die woorde van E.G. Malherbe in April 1918, moet "beziel zyn met warme liefde voor onse Universiteit".

Die Kanselier, dr. J.G. van der Horst, bedank prof. De Vries op gepaste wyse. Hy loof hom as 'n bestuurder van formaat met finansiële insig en bedrewenheid wat die Universiteit in 'n goeie finansiële toestand nalaat. Hy huldig en bedank prof. De Vries vir 'n loopbaan van toewyding aan sy Alma Mater en wens hom en mev. De Vries en hulle familie net die beste toe.

#### 5. Onbestrede voorstelle: Die volgende onbestrede voorstelle word voorgedra:

(a) Gelukwense aan lede van die Konvokasie met aanstellings/bevorderings, voorgedra deur die Visepresident:

Prof LWH Ackermann - aangestel as regter in die Kaapse Provinciale Afdeling van die Hooggereghof vanaf 1 Januarie 1993; Mnr DW Auret - aangestel as adjunk-direkteurgeneraal belas met Afrika by die Departement Buitelandse Sake; Mnr Fanie Bekker - verkies tot voorstander van Bellville se Afrikaanse Sakekamer; Prof Elize Botha - verkies tot lid van die US Raad; Dr HL Botha - aangestel as Direkteur: Sentrum vir Onderwysontwikkeling aan die US; Sy Edele Regter FDJ Brand - aangestel as regter in die Kaapse Provinciale Afdeling van die Hooggereghof; Prof BV Bredenkamp - aangestel as professor in Boskunde; Mnr Jan Bredenkamp - verkies tot lid van die

Parlement in die kiesafdeling Florida; Mnr I Capraro - aangestel as assistent-politieke beriggewer van Die Burger; Mnr JB Cilliers - bevorder tot finansiële direkteur van Langeberg-Voedsel; Prof GS Cloete - aangestel as professor in Publieke Administrasie; Mnr RP Conradie - verkies tot onderburomeester van Stellenbosch; Prof AA Cowley - aangestel as professor in Fisika; Mnr CW de Jager - aangestel as rektor van Paul Roos Gimnasium vanaf Januarie 1993; Prof FE Deist - aangestel as professor in Semitiese Tale en Kultuur; Dr Tertius Delpot - aangestel as Minister van Plaaslike Regering en van Plaaslike Bestuur in die Ministersraad van die Volksraad; Mnr SS de Swardt - aangestel as senior hoofbestuurder van Nasionale Pers en ook as assistent van die uitvoerende voorstander vanaf Januarie 1993; Mnr Gerrie de Villiers - aangestel as hoof van die kanaalafdeling by M-Net; Mej HMJ du Preez - aangestel as assistentdirekteur van bedryf in diens van die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede; Mnr IP du Preez - bevorder tot uitvoerende direkteur van Boland Bank; Prof Willie Esterhuyse - verkies tot lid van die US Raad en aangestel in die direksie van Medi-Clinic Korporasie; Adv Hester Fouche - aangestel as gesinsadvokaat; Dr Boy Geldenhuys - aangestel as adjunkminister van Nasionale Gesondheid en van Gesondheidsdienste en Welsyn in die Ministersraad van die Volksraad; Prof Fritz Hahne - aangestel as voltydse dekaan van Natuurwetenskappe; Dr Edwin Hertzog - aangestel as visevoorsitter van die Rembrandtgroep; Prof Johan Heyns - verkies tot voorstander van die FAK; Prof F Hugo - verkies tot president van die SA Instituut van Siviele Ingenieurs vir 1993; Mnr JJ Labuschagne - bevorder tot hoofbestuurder van Tafelberg-Uitgewers; Prof T Links - verkies tot lid van die US Raad; Dr PJ Lor - aangestel as direkteur van die Staatsbiblioek; Mnr E vdM Louw - verkies tot Speaker van die Parlement; Mnr G Louw - bevorder tot hoofbestuurder van JL van Schaik Boekhandel; Mnr JA Louw - aangestel as adjunkvoorsitter van

Pepkor; Mnr HJ Mocke - aangestel as streekbestuurder in die Johannesburgse beleggingskantoor van Sanlam; Mnr Johan Moolman - aangestel as voorsitter van Krygkor; Mnr L Naudé - aangestel as hoofbestuurder van Nasou vanaf Januarie 1993; Prof WL Nell - aangestel as lid van die Suid-Afrikaanse Sertifiseringsraad; Dr Magda Olivier - verkies tot voorsitter van die Kaaplandse streektak van die SA Vereniging vir Kultuurgeskiedenis; Prof H Oosthuizen - verkies tot adjunkdirekteur die US Bestuurskool; Mnr CJ Potgieter - aangestel as skoolhoof van die Hoërskool Aliwal-Noord vanaf Januarie 1993; Mnr JJJ Potgieter - aangestel as Direkteur: Sportburo aan die US; Mnr HG Raubenheimer - bevorder tot hoofbestuurder van die Nasionale Pers en aangestel as uitvoerende hoofamptenaar van die Boekhandelgroep; Prof AJ Reinecke - aangestel as professor in Soölogie; Prof AE Retief - aangestel as professor in Genetika; Mej Corné Rossouw - verkies tot streekverteenvoerder vir Afrika in die Uitvoerende Raad van Direkteure van die International Association for Adapted Physical Activity; Mnr JF Rossouw - aangestel as hoof van die Hoërskool Charlie Hofmeyr in Ceres; Mnr Johann Rupert - aangestel as voorstander van die Rembrandtgroep; Mnr Walter Scheffler - verkies tot lid van die US Raad en tot visevoorsitter van die Afrikaanse Handelsinstituut; Prof DEW Schumann - herverkies tot president van die Municipale Vereniging van Kaapland; Viseadmiraal RC Simpson-Anderson - aangestel as hoof van die SA Vloot; Mnr DK Smith - aangestel as direkteur van Sanlam-Effektetrust; Dr Jons Terblanche - aangestel as adjunkpresident van die Landbounavorsingsraad; Prof D Tromp - verkies tot mededirekteur van die US Bestuurskool; Dr FJ van der Merwe - aangestel as Direkteurgeneraal van die Departement Landbou; Dr HC van der Westhuizen - aangestel as skoolhoof van die Hoërskool Cradock vanaf Januarie 1993; Prof Bodley van der Westhuysen - verkies tot president van die Sielkunde-

vereniging van SA; Mnr AV van Rensburg - aangestel in die direksie van die Oceana Fishing-groep; Mnr JAM van Schoor - verkies tot Burgemeester van Stellenbosch; Prof AH van Wyk - aangewys as die volgende Rektor en Visekanselier van die US; Prof JAL van Wyk - aangestel as professor en hoof van die Departement Chirurgie in die Fakulteit Geneeskunde; Mnr AA van Zyl - bevorder tot nuusredakteur van Die Burger; Mev E van Zyl - aangestel as streeklanddros in Goodwood; Prof HC Viljoen - verkies tot lid van die US Raad; Mnr L Visser - aangestel as hoofredaksielid van Die Burger; Mnr Thys Visser - aangestel as besturende direkteur van die Rembrandtgroep; Dr HJ Wassermann - verkies tot voorsitter van die Vereniging van Fisiici in Geneeskunde en Biologie; Adv Christo Wiese - aangestel in die direksie van Sasol;

(b) Gelukwense aan lede van die Konvokasie met toekenings en/of pryse wat hulle ontvang het, voorgedra deur die Visepresident:

Prof SP Cilliers - vereer met twee prestige bundels ter erkenning van sy bydrae tot die Sosiologie; Mnr H Conradie - ontvang die gesogte Phil Weber-prys vir voortreflikheid van die Nasionale Pers; Dr WA de Klerk - ontvang die Prestigeprys vir die bevordering van Afrikaans van die FAK; Prof P du Toit - ontvang die 1992/93 toekenning "Fellowship for Innovative Projects on International Peace and Security" van die Amerikaanse Instituut vir Vrede; Dr Hubert du Plessis - ontvang die prys vir musiekbevordering van die FAK, en ook die orde van Voortreflike Diens (klas goud) van die Staatspresident; Prof DG Franzsen - ontvang die Orde van Voortreflike Diens (klas goud) van die Staatspresident; Prof WE Kassier - vereer as Wes-Kaaplandse Landboukundige van die Jaar deur die Wes-Kaaplandse tak van die Landbou-skrywersvereniging van SA, en ook as Nasionale Landboukundige van die Jaar deur die Landbou-skrywersvereniging van SA; Mev Elana Meyer - verower 'n silwermedalje by die

Olimpiese spele in Barcelona; Prof GC Oosthuizen - ontvang 'n eredoktorsgraad in die Lettere van die Universiteit van Natal; Prof IS Pretorius - ontvang die Stigting vir Navorsingsontwikkeling se gesogte Presidentstoekenning; Mnr Gideon Roos - ontvang die Besondere Erepemming vir Uitsaaiwese en die Uitvoerende Kunste; Dr Etienne Rousseau - ontvang die Frans du Toit-medalje vir bedryfsleiding van die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns; Prof JJ Stadler - ontvang die Stalsprys vir Ekonomie van die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns; Dr Piet Steyn - ontvang die Havengaprys vir Chemie van die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns; Wilma Stockenström - ontvang die Hertzogprys vir Prosa van die SA Akademie vir Wetenskap en

Kuns; Prof Sampie Terreblanche - ontvang die Stalsprys vir Ekonomie van die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns; Mnr JP van der Spuy - ontvang die Orde van Voortreflike Diens (klas goud) van die Staatspresident; Prof APJ van der Walt - vereer met die Suid-Afrikaanse Wiskundevereniging se Toekenning vir Navorsingsvoortreflikheid; Prof PB van der Watt - ontvang die prys vir geskiedenisbevordering van die FAK; Prof JSJ van Deventer - ontvang die British Association se silwermedalje vir persone onder 40 op grond van oorspronklike navorsingsbydraes; Prof J van Staden - ontvang die Havengaprys vir Biologie van die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns; Prof CJ van Wyk - ontvang die KWV-erepenning vir sy beson-

dere bydrae tot die wynbedryf in SA.

(c) Gelukwense aan lede van die Konvokasie aan wie eredoktorsgrade tydens die Desember-gradeplegtigheid toegeken word, voorgedra deur die Visepresident:

Dr Rein Arndt - 'n eredoktorsgraad in die Natuurwetenskappe; Prof Ben Marais - 'n eredoktorsgraad in die Wysbegeerte.

(d) Prof PA Verhoef stel names die Konvokasie 'n onbestred mosie van dank en waarde

ring vir die jaar se goeie prestasies voor aan die Raad en die Senaat van die Universiteit, die uitvoerende bestuur, die administratiewe personeel, dosente, navorsers en studente. Hulle het vanjaar, ten spyte van die inperking

van staatsubsidies en die druk om standaarde te verlaag, deur goeie bestuur en samewerking daarin geslaag om die karakter en waardesisteem van ons Universiteit ongeskonke te handhaaf, en die Konvokasie verbind homself graag tot voortgesette lojale steun op die onsekere pad vorentoe.

**6. Afsluiting:** Die Voorsitter bedank alle aanwesiges vir hulle teenwoordigheid en rig 'n besondere woord van dank aan sowel die Sekretaris, prof S Kritzinger, as mnr JL Fechter en ander personeel wat behulpsaam was met die reellings vir die byeenkoms en die onthaal in die Sanlam-saal.

Die vergadering verdaag om 21:10.

## Sonja van der Walt is US Koor se nuwe dirigent



Sonja van der Walt

Die Stellenbosse Universiteitskoor se nuwe dirigent vanaf 1 April vanjaar is Sonja van der Walt, wat sedert 1980 as leier van die Oosrandse Jeugkoor naam gemaak het. Sy volg Acáma Fick op, wat die US-koor na agt jaar laat daar het om weer heeltyds dosent aan die US-Konservatorium te word.

Sonja van der Walt het musiek gestudeer aan die universiteite van Kaapstad, Pretoria en Suid-Afrika asook die Juilliard-musiekskool in New York. Sy was 'n student van die internasionale konsertpianis

Harold Rubens, prof Gertrud Kautzky (nou van Graz, Oostenryk) en prof Lamar Crowson (Kaapstad).

Vroeg in haar loopbaan het sy onder meer in Pretoria, Grahamstad en Kaapstad as klaviersolis opgetree. Sy was toe ook 'n klavierdosent aan die UK en amptelike begeleier van die Operaskool daar.

Voordat sy in 1980 die Oosrandse Jeugkoor se dirigent (en in 1981 ook die organiserer daarvan) geword het, het sy op Potchefstroom en in Oos-Londen as koorleier naam gemaak - met hoëskoolkore, die Potchefstroomse Dameskoor en die Oos-Londense Stadskoor.

Onder haar leiding het die Oosrandse Jeugkoor vyf langspeelplate vrygestel en twee toekenning as beste jeugkoor vir 14- tot 24-jariges by die Roode-poortse Internasionale Eisteddfod verower. Sy het drie keer met die koor op uitnodiging aan die Zimriyawêeldkoorfees in Israel deelgeneem asook in Griekeland en Italië opgetree (o.m. in die Sint Pieters-katedraal in Rome en die Sint Markuskatedraal in Florence) en het die koor oral in Suid-Afrika gedirigeer.



Car-prys en -beurse

Die tydskrif Car skenk jaarliks beurse en ken ook 'n prys toe in die Departement Journalistiek. Die departementshoof, prof Johannes Grosskopf, is hier by mnr Francois Williams wat die prys vir die beste student in die 1992-honneursklas verower het, mev Caro Kriel, 'n Car-beurshouer wat ook met lof geslaag het, en mnr Alan T. Ramsay, voorsitter van Ramsay, Son & Parker, Car se uitgewersmaatskappy wat vanjaar sy 60ste verjaardag vier.

## Withuis se manne

Oudinwoners van Simonsberg word gevra om by die Bond van Oud-Simonsbergers aan te sluit. Stuur u naam en adres asook werk- en huistelefoonnummers aan Bond van Oud-Simonsbergers, Simonsberg-koshuis, Merrimanlaan 79, Stellenbosch, 7600. Dui asb. aan watter jare u in die koshuis gewoon het.

## Studentekerkkoor

Alle oudlede van die NG Studentekerk (Stellenbosch-Sentraal) se kerkkoor kan by hul Bond vir Oudlede aansluit. Lewenslidmaatskap kos R25. Die adres is Studentekerk, Posbus 275, Stellenbosch, 7599; tel. 02231-900627.

# REÜNIES

## Kathu



By 'n reünie op Kathu in Noordwes-Kaapland was (foto links) prof Bun Booyens (middel), wat as President van die Konvokasie die geleentheidspreker was, saam met Johan Booyens, Arend de Waal, prof Mariaan van Niekerk en Hennie Snyman. Onder die jonger garde by dié saamtrek was (foto regs) Carl Wim en Marguerite Heese, Maretha Swanepoel, Johan Olivier, Hester Davel en Sonja Olivier.

## Mafikeng, Mmabatho



By 'n saamtrek wat vir die Oud-Maties van Mafikeng, Mmabatho en omgewing gereël is, was (foto links) mnr en mev Peter de Bruin, mnr en mev N de Smidt asook mnr en mev Tony Tuson. Ook by die saamtrek was (regs) mnr en mev Barry van der Merwe (van die US-kantoor in Johannesburg), mev Van der Merwe en haar man, Clarence, mev O'Callaghan en haar man, André, en mev Elana Maré.

## Frazerburg



## Sasolburg



By die eerste Oud-Matie-saamtrek wat sedert 1964 op Frazerburg gehou is, was die geleentheidspreker, prof Bun Booyens (tweede van links voor) en sy vrou, mev Secunda Booyens (regs agter hom) by van die gaste. Voor: Koos van Zyl, prof Booyens, ds Johan Basson en Willie Visagie. Middel: Stella van Zyl, Ina Basson, mev Booyens, Elsabe Visagie, Lisbé Louw en Ronel McKnight. Agter: Tertius en Aletta Verdoes, Willem Synington, Anna en Gys van Schalkwyk, Stefan Lategan en Richard McKnight.

Prof Bun Booyens, President van die Konvokasie, wat by 'n reünie op Sasolburg die geleentheidspreker was, is hier (links voor) saam met mnr Haas Kruger (agter) van die Afdeling Openbare Betrekkinge wat die reünie gereël het, by Ruth en Gys Steyn, Jan en Lulu van Zyl asook Hettie en Piet Heyman.

# BELLANDIA VERKOOPSDIREKTEUR SAAM MET OUD-MATIES BY LIEBERHEIM

**B**ELLANDIA se Verkoopsdirektein, mnr Hannes Saaiman, het onlangs sy intrek geneem by Lieberheim, Bellandia se onwikkeling net vier kilometer suid van Stellenbosch. Die onwikkeling is ideaal vir mense wie se kinders reeds die huis verlaat het, en daar word deesdae grappig na Lieberheim verwys as die 'Oud Matie Klub'.

Die projek bestaan uit 43 eenhede en is geleë teen die hellings van die Jonkershoek – en die Hottentots Holland berge, en baie van inwoners is oud-Maties wat reeds afgetree het of binnekort gaan aftree.

Mnr Saaiman het gesê hoewel hy nie self 'n oud-Matie is nie, hy die lewendige, intelligente en vriendelike gees onder inwoners aanloklik gevind het.

"Dit is amper asof 'n mens terug is op die kampus as jy hier bly", het hy gesê. "Hoewel die meeste inwoners afgetree het of nie meer kinders in die huis het nie, is hulle baie op en wakker, en ek vind hul geselskap baie stimulerend."

Daar is ook twee ander faktore, het mnr Saaiman gesê, wat hom laat besluit het om 'n eenheid by Lieberheim te koop. "Eerstens is prysen nou laer as wat hulle ooit weer sal wees. Soos baie ander wat by Lieberheim gekoop het, is ek oortuig dat die huidige prysen oor twee of drie jaar belaglik goedkoop gaan lyk.



Verder het mnr Saaiman gesê dat hy, soos sommige ander kopers, besluit het om nou te koop maar om sy kinders of huurders in die huis te laat bly met die oog daarop oor 'n paar jaar self daar in te trek.

Die tweede faktor, het mnr Saaiman gesê, was die ruimte van die onwikkeling en die uitsigte. Na die weste strek die uitsig tot by Tafelberg, en agter die onwikkeling toering die berge in 'n pragtige agtergrond vir die projek.

"Die gevoel van ruimte by die projek", het mnr Saaiman gesê, "word geskep deur die feit dat dit Bellandia se beleid is om 'n laedigtheidsuitleg te handhaaf.

"Ons het die reg gehad om baie meer huise om die terrein op te rig, maar het besluit om eerder groot grasperke tussen die huise aan te plant en om die ewe groter as gewoonlik te

maak. Verder het elke huis sy eie ommuurde tuin. Dit beteken dat eienaars die beste van twee wêrelde kan geniet: die vryheid en genot om op hul eie private eiendom te woon, en terselfdertyd die voordeel dat die onwikkeling 'n veiligheidsmuur met net een toegangspunt het."

Bellandia het reeds keer op keer bewys, het mnr Saaiman gesê, dat lae digtheid suksesvolle spogontwikkelings meebring.

"Ons het dieselfde beginsel gevolg by Farm's Edge en Farmside, twee baie suksesvolle ontwikkelings in die landelike gedeelte van Bergvliet", het hy gesê. "Die verkoopswaarde by albei die ontwikkelings het in die drie jaar sedert hul voltooi is, met 100% gestyg – en ek is vol vertroue dat Lieberheim, wat volgens dieselfde riglyne ontwerp is, dieselfde

waardevermeerderingspatroon gaan volg."

Mnr Saaiman het een van die vier dubbel-verdieping-eenhede gekoop, wat spesifiek ontwerp is sodat besoekers op die boonste verdieping kan tuisgaan, waar hulle betreklik privaat kan wees terwyl die eienaars se lewenstyl op die grondverdieping nie onwrig word nie. Hierdie eenhede het drie slaapkamers en twee badkamers, asook 'n gesinskamer. Hulle word verkoop teen R297 000, terwyl die enkelverdieping-, drieslaapkamereenhede steeds R285 000 kos.


Diegene wat Lieberheim wil besoek, kan die verkoopskantoor op die terrein skakel by (022) 231 90-1705. Die kantoor is oop van Maandag tot Donderdag tussen 12:00 en 18:00, op Saterdae van 10:00 tot 12:00 en op Sondae van 15:00 tot 18:00.

# LIEBERHEIM

Paradyskloof  
STELLENBOSCH

BELÊ IN U EIE DEELTJIE VAN STELLENBOSCH EN GENIET ALGEHELE SEKURITEIT, 'N IDILLIESE ONGEWING EN 'N UITSIG OOR DIE MAJESTIEUSE JONKERSHOEKBERGE!

**RUIM • VEILIG • SKILDERAGTIG**



- Hoofslaapkamer met badkamer en aantrekkamer en-suite.
- 2de en 3de slaapkamers met volledige badkamer.
- Motorhuis en motorafdak.
- Ommuurde privaatuin.


- Afsonderlike patio's vanaf slaap-, sit- en eetkamer.
- Noord-aansig.
- Slegs een elektroniese beheerde toegang tot Lieberheim.
- Toesluit en ry lewenstyl.

Lieberheim is 'n laedigtheid-ontwikkeling wat uit 43 vrystaande wonings bestaan, elk met afsonderlike titel, rustige privaatheid, manjifieke uitsigte oor die asemrowende Jonkershoekberge, sonnige noord-aansig kamers en – die beste van alles – werklik goeie sekuriteit.



Sekuriteit is van uiterste belang by Lieberheim. Die hele projek is omring deur 'n veiligheidsmuur en toegang word beperk tot 'n enkele elektronies beheerde hek wat deur middel van 'n kabelfoon met elke woning in die projek verbind is. Slegs inwoners binne die projek kan die hekmeganisme aktiveer. Bo en behalwe die beplande veilighedsmaatreëls, kan inwoners hulle ook berus in die wete dat vriendelike bure daar is wanneer hulle hulle nodig het.

Die Lieberheim-skouhuis is 7 dae van die week oop: Maan. – Don. 11h00 – 17h00, Vry. – Son. 14h00 – 17h00. Neem die R44 vanaf Stellenbosch na Somerset-Wes, draai oorkant die gholfbaan links in Paradyskloofweg en draai daarna by die tweede pad, Floridaweg, regs. Lieberheim is aan die einde van Floridaweg.



Tree in verbanding met ons by die skouhuis (02231) 90-1705 gedurende skou-ure of Susan Saaiman (021) 96-7222.



## *Elke Sigaret 'n Meesterstuk*

Die tegniese vaardigheid van die ou meesters en hul strewe na die beste, leef voort in die vervaardiging van Rembrandt van Rijn - die wêreld se eerste vollengte-sigaret met filtermondstuk - die Meesterstuk in Sigarette.

**Room van die Oes**

DIE  
MEESTERSTUK